US WOORDFEESPROGRAM 2010

GEBRUIKSAANWYSINGS

Skakel gerus 021 808 2901 vir enige navrae of raadpleeg ons webwerf by www.woordfees.co.za. Tensy anders aangedui, is alle besprekings by Computicket.

FEESTEMA

Die elfde US Woordfees buit in die spesiale (sokker)*baljaar* die dubbelsinnigheid van dié eg-Afrikaanse, onvertaalbare woord (in Engels én Nederlands) uit deur baldadig en speels met die wêreldbekertema te *baljaar*, met *sport en sports* as subtema. Dié uitstekende voorstel kom van prof. Rufus Gouws, voorsitter van die Dept. Afrikaans en Nederlands én van die US Woordfees se dagbestuur.

Ons jaarlikse Woordfeestema geld oudergewoonte slegs vir sommige items (daar is net een sokkerbrommer, maar nog tien ander!), want die US Woordfees is reeds in so 'n mate 'n nasionale kunstefees dat die rykheid en volheid van ons program enige tema verbystreef.

Jaarliks kom mense reeds van oral in die land, en uit die buiteland, na hierdie unieke fees, waar ons die pryse boonop so laag moontlik probeer hou en baie dinge selfs gratis aanbied danksy ons gewaardeerde donateurs. Sluit gerus by ons aan!

BALJAAR-SPESIAAL

BALJAAR-BAL!
(Ten bate van die WOW-projek)

Met Evita Bezuidenhout, spesiaal uit Bapetikosweti, as gasvrou, die Johnny Cooper-orkes en Niël Rademan
Vir die eerste keer – spesiaal in die sokkerbal-jaar! 'n Super-luukse bal met 'n uitgebreide ete en al die regte bestanddele om daarvan 'n wenner te maak. 'n Vlagskipprojek van die Woordfees. Bespreek by Jana: adminfees@sun.ac.za.
27 Februarie ● 19:30 vir 20:00 ● Stellenbosch Stadsaal ● 240min ● R1100 (dinee ingesluit)

BALJAAR-BONANZA!

Pops-vertoning met André Schwartz, Sarah Theron, Timothy Moloi, Sterling EQ en die US Simfoniese Blaas-ensemble o.l.v. Pamela Kierman
Na die eerste Woordfees Pops se enorme sukses in 2009 maak ons weer so! Hierdie fees van supergewilde sangers en instrumentaliste op een verhoog is beslis weer 'n hoogtepunt op die Woordfeesprogram. Moet dit nie misloop nie! Distell sorg boonop vir die drankies.
6 Maart 20:15 ● Konservatorium: Endler-saal ● 120min ● R120 R80 (studente en pensioenarisse)

WOORDtroFEES!
(In samewerking met die ATKV)
Vir die heel eerste keer word pryse oorhandig by 'n spesiale Woordfeesfunksie – eerbewyse aan wenskrywers en -kunstenaars in ons wenjaar! As jy die geleentheid wil bywoon, laat weet vir Jana Hattingh voor 25 Februarie 2010 by adminfees@sun.ac.za.
7 Maart 15:00 ● Konservatorium: Fismer-saal ● 120min ● Gratis

BALJAAR-KUIERPLEKKE

1-6 Maart:
DIE PLATAAN-KAFEE in die agtertuin van die Sasol Kunsmuseum is heeldag hart-vannie-fees, met koel drankies, ligte etes, baie praatjies en warm onderwerpe met RSG Nuus en RSG. Dis boonop langs feeskunstenaar Andries Botha se uitstalling en by die Boektent se ryk woordverskeidenheid. Om van die nagKAT (vanaf 21:00) nie te praat nie!

DE VETTE MOSSEL – op die parkeerterrein van die Sasol Kunsmuseum – is die plek waar jy jou Woordfeesvoete kan laat rus en kan ontspan met 'n drankie in die hand, voete in die sand en heerlike seekosgeregte.

6 Maart:
BALJAAR-KARNAVAL!
(Ondersteun deur Het Jan Marais Nationale Fonds, ten bate van ons gemeenskap)
Na die enorme sukses van ons 2009-karnaval bied ons weer groot en veilige pret vir oud en jonk. Volop stalletjies, mallemeulens en fantastiese vermaak op die buiteverhoog, met die N2 Jazz-orkes en kunstenaars soos Emo Adams (Vrydagaand), Zinkplaat en The Rockets (Saterdagaand). Aurora-koshuis bied 'n sokkerkliniek vir O/9's aan in samewerking met Ajax-sokkerklub. En op Saterdagaand om 20h00 kom die wenspan van *7de Laan:* Oubaas en Hilda!
5 Maart 16h00 – 23h00; 6 Maart – 10h00 – 23h00 ● Van der Stel Sportveld ● R10 Volw.; R5 kinders

MARDI GRAS!
(Ten bate van ons gemeenskap)
Dié uiters gewilde fees vind weer op die geskiedkundige Braak plaas. Hier is almal wenners! Orkeste, kore, dansgroepe, trompoppies, springkastele en klimmure vermaak jonk en oud; sterre van *SA's Got Talent* is te sien; en daar is talentkompetisies vir jou, kleuterskoolkompetisies en veel meer. Verversings kan by stalletjies gekoop word.
6 Maart ● 10h00 – 14h00 ● Die Braak ● 240min ● Gratis

SKRYWERSFEES
Oor skrywers en boeke

(Ondersteun deur Naspers, tensy anders aangedui)



Uys Krige in ons binnekring
Aangebied deur die Dokumentesentrum, J.S. Gericke Biblioteek
Die 100ste verjaarsdag van Uys Krige in 2010 is 'n grootse geleentheid. Uys se kinders Tai en Eulalia, en sy susterskind, die gevierde Grethe Fox, kom spesiaal met staaltjies uit die Krige-binnekring om dié digter-dramaturg te laat 'lewe' vir 'n nuwe geslag. Amanda Botha lei die gesprek en J.C. Kannemeyer praat oor dokumente in die Uys Krige-versameling. Verversings word bedien.
26 Februarie 12:00 ● J.S. Gericke Biblioteek: Ouditorium ● 120min ● R40

Sanlam | LitNet SkryfNet: Sketse-skryfskool
(Ondersteun deur Sanlam, in samewerking met LitNet)
Met Dana Snyman, Martie Retief-Meiring en Elias P. Nel
Al ooit getwyfel aan jou vermoë om 'n skets met humor én substansie te skryf? Kom slyp jou woorde vlymskerp onder leiding van Dana, Martie en Elias. Ideaal vir studente, voornemende skrywers en bloggers. Stuur jou skets (maksimum 800 woorde) vir keuring aan skryfskool@litnet.co.za.
2 Maart 09:00- 13:00 ● De Hoek Gastehuis ● R250

André P. Brink: 'n Oeuvre
Prof. Willie Burger, hoof van die Dept. Afrikaans aangestel by UP, kom spesiaal Woordfees toe om André P. Brink te huldig in sy 75ste jaar, met o.m. hierdie oorsig oor die loopbaan van ons Sestiger van wêreldstatuur. Twee topspelers in die lettere!
2 Maart 10:00 ● kykNET-Boektent ● 50min ● R30; Gratis vir studente.

Drieluik
Marion de Vos en Floris Brown lees verse voor uit hul publikasie *Drieluik*, waarin foto's van Hilde Vaatstra opgeneem is. Nederlands en Afrikaans word verknoop rondom temas soos verbondenheid met die natuur, die kosmos, die liefde en 'n soeke na spirituele wysheid.
2 Maart 14:00 ● Erfurthuis ● 60min ● Gratis

Ek wil my Ouma-goed terughê!
(in samewerking met die ASV)
Met Peter Snyders, Wynand Beukes, Willem Fransman Jnr, Jason Lloyd en Heindrich Wyngaard
'n Ongewone kykie op kultuurgoedere soos liedjies en stories. Hoe het dit mense se lewens verryk – of selfs dalk verarm?
2 Maart 14:00 ● kykNET-Boektent ● 120min ● R30

Evita se Kossie Sikelela
Tannie Evita se nuwe kookboek is nie net 'n resepteboek nie, maar bevat ook die resep vir vrede. Die pad na versoening loop immers deur 'n land se maag. Vir kleingoed, pieknieks of Krismis – saam met Evita is kokery towery vir lekkerkry. As jy vir Tannie wil kom groet, Tannie se boek wil koop, Tannie se happies wil proe of wil vra dat sy jou boek teken, moet jy blitsvinnig 'n e-pos stuur vir Kim Rudman by kimr@randomstruik.co.za. Tannie ken die hele wêreld, maar kaartjies vir hierdie koel kuierkans is beperk.
2 Maart 15:00 ● Foyer van die HB Thom Teater ● 90min ● Gratis

ATKV-Kinderboekskryfskool
(Ondersteun en aangebied deur die ATKV)
Met kursusleier prof. Franci Greyling en kenners Jaco Jacobs, Carina Diedericks-Hugo, Martie Preller, Fanie Viljoen, prof. Hans du Plessis en Erika Lourens
30 aspirantskrywers kom slyp hul tegnieke drie dae lank en leer hoe om 'n kind of tiener se verbeelding aan te gryp met woorde. Klik op ATKV-Kinderboekskryfskool by www.atkvprojekte.co.za vir inskrywingsvorms en die volledige program. Maak egter seker daar is nog plek vóór jy jou deposito betaal.
Die kursus kos R950 per persoon (etes ingesluit), waarvan 'n R500-deposito betaalbaar is by inskrywing. Sluitingsdatum: Vrydag, 12 Februarie 2010. Kontak Jeanné Naudé (011 919 9088; jeannen@atkv.org.za) of Antoinette Alberts (011 919 9009; antoinettea@atkv.org.za**).**
3-5 Maart 09:00 – 16:00● De Hoek Gastehuis

Die bruin vrou in *Skerpioen*
(Ondersteun en aangebied deur LAPA)
Prof. Steward van Wyk van UWK praat met WOW-projekbestuurder Fiona van Kerwel en die skrywer oor die interessante kwessie van identiteit by die hoofkarakter in Wynand Coetzer se debuutroman *Skerpioen.*
4 Maart 11:00 ● kykNET-Boektent ● 50min ● R30

Kollewyntjie in die tuintjie
Met Riana Scheepers, Jaco Jacobs, Philip de Vos, Margit Meyer-Rödenbeck, Louise Smit en Niël Rademan.
Elke kind moet 'n boom hê, 'n wegkruipplek in 'n tuin, 'n plekkie wat nét syne is ... Gee ons dit aan ons kinders deur die boeke wat ons skryf, die teater wat ons op die planke bring, die liedjies en rympies en kinderprogramme op TV? Sluit aan vir kollewyntjies en vonkelwyn by hierdie teetuingesprek vir grootmense.
4 Maart 15:00 ● Plataan-kafee ● 120min ● R60

Skrywersgala
Kom 'Baljaar' saam met die room van plaaslike en internasionale skrywerstalent op hierdie hoogtepunt van die feesprogram – die immergroen wenner van die Woordfees. Vanjaar is ons fiks, flink en lenig met 'n vaartbelynde program waarin die fokus val op skrywers Menno Wigman, Annelies Verbeke, Shimmer Chinodya, Petra Müller, Philip de Vos, Bettina Wyngaard en Annelie Botes. Theater Flint maak musiek en Stellenrust sorg vir heerlike gratis wyn.
4 Maart 20:00 ● Stellenrust ● 90min ● R60

Oopmond
Met digters Jou Moer! (Jo Prins), DJ Totterman (Andries Bezuidenhout), NP van Lykskou (Danie Marais), JC Van (Christo van Staden), Ingrid Dronker (Ronel Nel), Jan Kolonie Hoenderdief (Charl-Pierre Naude)
Skeidregter: Uys Intrige (Neil Sandilands)
Puntehouer: Sheila Concussion (Charlene McKenzie)
Musiek: John-Henry Opperman en Dawie Roux van Klopjag vs Jaco Lotter en Nardus du Plooy van DKW.
Die Woordfees se eerste *Poetry Slam*! Lus vir ’n bekgeveg met *tunes*? Die bestanddele is eenvoudig: 6 digters, 4 musikante en ’n *crazy* gehoor. Die gehoor sê *wat* en wys wenners aan; digters en musikante *doen*!
4 Maart 20:15 ● Fismer-saal ● 90min ● R40 (Muratie verskaf die wyn)

Daar’s ’n boek in my kop …
Met Annelie Botes
Niemand wil spoorloos die ewigheid in nie. Ons hou van spore trap. En in byna elke mens se kop is daar die lugkasteel van ’n boek wat eendag geskryf moet word. Maar wanneer is eendag? En hoekom kom eendag dan nooit nader nie? Kom geniet ’n onvergeetlike uur met Annelie!
6 Maart 11:00 ● kykNET-Boektent ● 60min ● R30

Die Januskop: die digter I.L. de Villiers
Joan Hambidge bring hulde aan hierdie digter wat in 2009 oorlede is. Sy bespreek o.a. die komplekse spanning tussen die religieuse en aardse in Izak de Villiers se laaste bundel, *Vervreemdeling,* asook sy besondere hantering van verstegniese aspekte.
6 Maart 11:00 ● Ou Hoofgebou: Lokaal A ● 50min ● R30

Ons ongehoorde soort
Francis Galloway gesels met die akademikus Louise Viljoen, wie se bundel opstelle oor die werk van Antjie Krog onlangs verskyn het. As skrywer en kommentator oor sosiale en politieke kwessies strek Krog se invloed wêreldwyd. Hierdie gesprek beloof verrykende insigte oor die werk van ’n grootse digter.
6 Maart 12:00 ● Ou Hoofgebou: Lokaal A ● 50min ● R30

Prinsloo versus Meyer versus Botha
Adriaan Meyer word gekonfronteer deur een van sy 'karakters' in *Prinsloo versus:* die kritikus Danie Botha – oor dié bekroonde dramatisering van Koos Prinsloo se kontroversiële werk en lewe.
6 Maart 12:30 ● Protea Boekwinkel ● 50min ● Gratis

Elke wid kry sy ending ... op sy plek
(in samewerking met die ASV)
Met vars stemme soos Albertus Davids, Muriel Mapling, Susan Ongansie, David Pieters, Petro Rhode, William Prince, Hannes Steyn en Willem Fransman Jnr.
Opkomende digters, skrywers en vertellers baljaar met verse, musiek en stories in ’n vrolike woordkuns-program.
6 Maart 13:00 ● Ou Hoofgebou: Lokaal A ● 120min ● R30

Vier *Feestelike Frankryk* in Afrikaans en Frans
Kom bederf jou sintuie met skilderye, foto’s en ’n kosboek geïnspireer deur ’n eg-Franse ervaring. Louis Jansen van Vuuren, Hardy Olivier en Anet Pienaar-Vosloo se *Feestelike Frankryk* word bekendgestel saam met Jansen van Vuuren se nuutste reeks skilderye, ‘Die jagter se dogter’. Veelsydige Niël Rademan verleen flair met 'n *petit cabaret.* Die Franse stroopvervaardiger MONIN bedien verleidelike skemerkelkies met Smirnoff Vodka.
6 Maart 18:00 ● Johan Coetzee Kunsgalery ● 120min ● R100

PROFIELE



André P. Brink (75)
Kom vier hierdie besondere lewe en loopbaan saam met ons in André P. Brink se 75ste jaar! Willie Burger en Abraham H. de Vries belig verskillende kante van 'n kleurryke skryfloopbaan en André lewer (soos altyd) spitsvondig repliek. Geniet hierby die vioolspel van 'n opkomende *wunderkind*, Sang Woo Jun, én 'n glasie Black Bottle Scotch Whisky. Woordfeesdirekteur Dorothea van Zyl tree op as fasiliteerder.
1 Maart 18:00 ● kykNET-Boektent ● 60min ● R40

Philip de Vos (70)
Iris Bester en Deon Knobel gesels oor hierdie gewilde kunstenaar en skrywer wat in 2009 'n volle 70 jaar jonk geword het, terwyl Philip en Albie Louw met uittreksels uit *Brommer in die sop* self wys waarom mense so graag sy vertonings bywoon. Geweet hoe 'n goeie fotograaf Philip is? Kom kyk ook na sy foto-uitstalling en geniet 'n gratis glasie Bain's Cape Mountain Whisky. Met Dorothea van Zyl as fasiliteerder.
2 Maart 19:00● kykNET-Boektent ● 60min ● R40

Petra Müller (75)
Hertzog-pryswenner Petra Müller is ook 75 in 2010! Hannes van Zyl en Cas van Rensburg gee agtergrond oor haar poësie, prosa en ryk loopbaan, met skyfies ter agtergrond. Petra se eie gedigvoorlesings toon watter voortreflike voordragskunstenaar sy is. Met Dorothea van Zyl as fasiliteerder. Bain's Cape Mountain Whisky word bedien.
3 Maart 19:00● Sasol Kunsmuseum ● 60min ● R40

Pieter Fourie (70)
Een van Afrikaans se grootste dramaturge word 70 in 2010! Fanie Olivier en Franz Marx gee 'n oorsig oor 'n lewe vol verskeidenheid en hoogtepunte. Antoinette Kellerman kom lees voor uit sy werk. Three Ships whisky word bedien.
4 Maart 19:00 ● Sasol Kunsmuseum ● 60min ● R40

Peter Snyders (70)
Kaapse digter en liedjieman Peter Snyders was 70 in 2009. Willem Fransman bring hulde en Robert Pearce se praatjie: 'Peter Snyders - nie 'n ordinary vriend' toon met watter besondere kunstenaar en mens ons hier te doen het. Met gratis Three Ships whisky.
5 Maart 19:00 ● Sasol Kunsmuseum ● 60min ● R40

STORIES AGTER STORIES
Tweegesprekke met skrywers

Plaasmoord
Gesoute spanningskrywer Deon Meyer tree in gesprek met Karin Brynard oor haar debuut, *Plaasmoord*. Luister hoe dié twee gewilde persoonlikhede gedagtes en geheime uitruil oor die skep van spanning en oor vakmanskap.
1 Maart 15:00 ● kykNET-Boektent ● 50min ● R30

God seën Afrika
(Aangebied deur Lux Verbi)
God seën Afrika is 'n skatkis van sprankelende en aangrypende stories, gebede en wyshede uit Afrika, vir Afrika se mense, veral dié aan die suidpunt. Ontmoet skrywer Ewald van Rensburg en ontdek jou spirituele tuiste in Afrika.
3 Maart 11:00 ● kykNET-Boektent ● 45min ● Gratis

Afrikaners in Angola
Met Nicol Stassen en Hans Heese
Vir sy doktorale proefskrif het Nicol Stassen navorsing gedoen oor geslagte Afrikaners wat in Angola vertoef het vanaf 1928 tot 1975. Hans Heese van die US Argief vra hom uit oor die boek wat gegrond is op dié interessante stuk geskiedenis.
4 Maart 15:00 ● kykNET-Boektent ● 50min ● R30

Tussen genres
Met Rachelle Greeff en Jean Meiring
Sedert haar bekroonde kortverhaaldebuut in 1990 het Rachelle Greeff naam gemaak as romansier, rubriekskrywer en onlangs ook as dramaturg, met die suksesvolle *Die naaimasjien*. Jean Meiring, pas terug uit Cambridge, gesels met die skrywer oor die gemak en ongemak waarmee daar tussen genres beweeg word.
5 Maart 09:30 ● kykNET-Boektent ● 50min ● R30

Tiferet Yisra'el
(Aangebied deur Lux Verbi)
Marzanne se spanningsvolle *Tiferet Yisra'el* volg die verloop van die gebeurtenisvolle jaar 2008 in Israel – met al sy konflik en geweld, maar ook sy vreugdevolle Joodse feeste. Elize Parker gesels met dié gewilde skrywer oor die leefwêreld van Messiaanse Jode in moderne Israel.
5 Maart 11:00 ● kykNET-Boektent ● 50min ● R30

Van tragedie na literatuur
Annelie Botes is bekend vir haar verhale waarin karakters vrede probeer maak met traumatiese gebeure. Joernalis Riette Rust pols dié skrywer oor hoe tragedie omgewerk kan word tot literatuur.
5 Maart 15:00 ● kykNET-Boektent ● 50min ● R30



Voice from Zimbabwe: Shimmer Chinodya
Special Wordfest guest, the award winning Zimbabwean author Shimmer Chinodya, converses with Annie Gagiano about his career as one of the continent's most successful authors. Chinodya is the author of the following texts, which established his reputation as a writer with an international readership: *Dew in the Morning*, *Farai's Girls*, *Child of War*, *Harvest of Thorns*, *Can we talk and other Stories*, *Tale of Tamari*, *Chairman of Fools* en *Strife*. Join us and get to know him!
5 Maart 17:00 ● kykNET-Boektent ● 60min ● R30

Die evangelis van Kaggelsberg
Met Abraham Phillips en Wium van Zyl
Abraham Phillips het lesers aangegryp met 'n vars perspektief op 'n gemeenskap se knelpunte in sy *Die evangelis van Kaggelsberg*. Wium van Zyl gesels met die man agter die boek.
6 Maart 09:00 ● Protea Boekwinkel ● 50min ● Gratis

Naweek
Koos Kombuis gesels met Toast Coetzer oor die jong skrywer se opspraakwekkende debuutroman, *Naweek*. Kom geniet ’n interessante gesprek tussen die gevestigde en die belowende opkomende talent.
6 Maart 09:30● kykNET-Boektent ● 60 min ● R30

In die huis van die liefde
Hennie Aucamp deel gedagtes oor die liefde vir die woord in sy bundel, *Die huis van die digter en ander liefdesverhale*. Daniel Hugo is sy gespreksgenoot.
6 Maart 11:00 ● Protea Boekwinkel ● 50min ● Gratis

Troos vir die gebrokenes
Dié roman deur Bettina Wyngaard bied 'n sonderlinge binnekyk op 'n plattelandse bruin gemeenskap. Desmond Painter gesels met hierdie skrywer wie se debuut ’n sterk impak gemaak het op die plaaslike literêre toneel.
6 Maart 14:00 ● Protea Boekwinkel ● 50min ● Gratis

NB-FEES

(Ondersteun deur NB-Uitgewers)

Die skyn van tuiskoms
Met Lina Spies, Johann de Lange en Louise Viljoen
Hierdie keur uit die werk van Lina Spies, saamgestel deur Johann de Lange, erken en bevestig ’n belangrike digterskap wat oor byna 40 jaar strek. Kom vier hierdie besondere publikasie van Human & Rousseau. Louise Viljoen praat met die digter en die samesteller.
2 Maart 18:00 ● Erfurthuis ● 60min ● Gratis, RSVP 021-406 3477

Het *Keurboslaan* vandag nog waarde?
In haar proefskrif ondersoek Irma de Plessis Stella Blakemore se bekende reeks: *Keurboslaan.* Corina van der Spoel, bekende bestuurder van Die Boekehuis en die Boeke-oase, gesels met Irma oor haar navorsing, die boeke, die karakters en oor hoe die reeks nou lyk. Ou bekendes in 'n nuwe baadjie!
3 Maart 10:00 ● Erfurthuis ● 60min ● R40

Apostroof
(Ondersteun deur Human & Rousseau)
Fanie Olivier in gesprek met Joan Hambidge
Ná 21 jaar se stilte keer Fanie Olivier terug tot die poësie met *Apostroof,* wat handel oor die siekte en sterfte van sy geliefde vrou Rike. Kom maak opnuut kennis met die digter van hierdie aangrypende, gestroopte en deerniswekkende verse.
3 Maart 18:00 ● Erfurthuis ● 60min ● R40, RSVP 021-406 3477

Jakkals en Wolf was nou nie regtig maats nie
Sprokies, feeverhale, wêreldverhale, stories en volksverhale. Om ’n storie wat al vir geslagte lank en oor wêrelde reis, ’n naam te gee, is miskien ’n interessante taak, maar ’n storie bly ’n storie en daar is redes hoekom die stories so lank al bestaan. Linda Rode, Fiona Moodie en Elsa Silke gesels met Elna van der Merwe, redakteur van *Huisgenoot Boeke*, oor die ontstaan en skep van *In die Nimmer-Immer Bos.*
4 Maart 10:00 ● Erfurthuis ● 60min ● R40

***Immergroen* Dave Pepler**
Suid-Afrika se bekende en gewilde 'groen' persoonlikheid kom deel sy diep liefde vir plante. Sy boek *Immergroen* bevat pragtige foto’s deur Lien Botha en wenke vir tuinmaak deur Laurian Brown.
5 Maart 10:00 ● Erfurthuis ● 60min ● Gratis, RSVP 021-406 3477

Slu en sensueel ... Riana Scheepers loop katvoet
Met *Katvoet* (Human & Rousseau) bewys Riana Scheepers opnuut sy is een van die sekuurste stemme in Afrikaans. Desmond Painter gesels met hierdie bekroonde skrywer oor haar sjarmante en tog ook onthutsende bundel.
5 Maart 13:00 ● Erfurthuis ● 60min ● R40

Die kuns van die kortverhaal

Drie knap kortverhaalskrywers van Human & Rousseau sit saam om een tafel en praat oor aspekte van dié genre soos hulle dit beoefen. Welma Odendaal se *Landskap met diere*, Willemien Brümmer se *Die dag toe ek my hare losgemaak het* en Helena Gunter se *Op 'n plaas in Afrika* het almal groot lof ontvang. Desmond Painter lei die gesprek.
5 Maart 14:00 ● Erfurthuis ● 60min ● R40

***Nuwe Stemme 4*!**
Die *Nuwe Stemme*-reeks is 'n opwindende projek waarmee Tafelberg-Uitgewers publikasiegeleenthede skep vir jong digters wat nog nie genoeg gedigte het vir 'n eie, selfstandige debuut nie. *Nuwe Stemme 4* is saamgestel deur Danie Marais en Ronel Foster. Kom geniet 'n glas wyn en iets te ete by dié bekendstelling.
5 Maart 18:00 ● Erfurthuis ● 60min ● Gratis, RSVP 021-406 3477

Santa Gamka
Vir die hoofkarakter in Eben Venter se nuwe roman het die Karoo te warm geword. Op die letterlikste denkbare manier. Hy's opgesluit in 'n pottebakkersoond! Net sewe minute en als is verby … Tafelberg-Uitgewers nooi jou na 'n gesprek tussen Eben en Gerrit Brand oor hierdie komplekse én hoogs leesbare roman.
6 Maart 10:00 ● Erfurthuis ● 60min ● R40



Kort dingetjies en dingetjies wat kort: 'n gesprek oor humor
Wat maak 'n grap góéd? Hoe vertel mens 'n snaakse storie? Wat is 'n *punchline*? Kerneels Breytenbach se grapboek *Die ding tussen man en vrou* (Human & Rousseau) het onlangs verskyn, en so ook P.G. du Plessis se vertellings *Kortetjies en 'n lange* (Tafelberg). Kom luister hoe praat hierdie twee manne oor hul boeke, en oor lag.
6 Maart 14:00 ● Erfurthuis ● 60min ● R40

Dana en Braam praat saam
Die mens as dokument. Die dokument as storie. En die ewig teenwoordige landskap. Dana Snyman se *Op die toneel* (Human & Rousseau), en Abraham H. De Vries se *Verbeel jou dis somer* (Human & Rousseau) het 'n hele paar raakpunte. André le Roux vra hierdie twee gewilde skrywers uit.
6 Maart 16:00 ● Erfurthuis ● 60min ● R40

AAN TAFEL
Etes met skrywers

Wat se ding is 'n skets? Middagete met Dana, Martie en Elias
Sit aan by die gewilde De Vette Mossel saam met die aanbieders en kursusgangers van die LitNet /Sanlam Sketse-Skryfskool. Geniet die wyshede van Dana Snyman, Elias P. Nel en Martie Retief-Meiring saam met 'n ligte middagete. Woordfees-direkteur Dorothea van Zyl lei die gesprek.
2 Maart 13:00 ● De Vette Mossel ● 90min ● R80

Storievuur
Verlekker jouself in 'n mondvol stories deur meestervertellers terwyl jou mond vol is met smullekker seekosgeregte by die bekende Vette Mossel kuierplek. Daar is groot sports wanneer Johan Bakkes vir Dana Snyman, Deon Meyer en Basil Kivedo behoorlik aan die vertel kry!
3 Maart 18:00 ● De Vette Mossel ● 120min ● R170 (uitgebreide ete ingesluit)

Rugbylegendes-dinee
(In samewerking met SuperSport)
Luisterryke legendes in die ware sin van die woord! Ontmoet Springbok-ikone uit die goue era van Suid-Afrikaanse rugby. Mannetjies Roux, Schalk Burger, Hempies du Toit, Jan Boland Coetzee, Dawie de Villiers, Theuns Stofberg, Errol Tobias en Kobus Wiese se staaltjies sal sportliefhebbers nog lank bybly. Die Mystic Trio, met Ollie Viljoen, Pietman Geldenhuys en Valiant Swart sorg vir lekker musiek saam met die heerlike ete. 'n Aand met wenners vir wenners – moet dit nie mis nie!
3 Maart 19:00 vir 19:30● Stellenbosch Stadsaal ● 150min ● R250

Aandwandeling met spoke
Hierdie gewilde staptog waartydens feesgangers gelei word op die dwaalroete van onrustige geeste, is al 'n instelling op die Woordfeesprogram. Wanneer die spokejag verby is, word daar in die historiese Erfurthuis aangesit vir 'n welverdiende maaltyd saam met die dapperes van gees.
4 Maart 19:00 ● Erfurthuis ● 120min ● R170

Koekemakranka
Geborg deur LAPA
Koekemakranka vertel die eeue-oue verhaal van die Khoi-Khoin se kos, kultuur en leefwyse. Met die treffende Khoi Khoin-vertellings en Volker Miros se pragfoto's is dit 'n besondere boekgebeurtenis. Proe saam met skrywer Renata Coetzee en Elias P. Nel aan tradisionele geregte en verlekker jou in vertellings uit die boek deur Florence Filton en in die rieldansers se passies.
4 Maart 18:00● De Vette Mossel ● 120min ● R170

Chauvinisme of manlikheid?
Vier (manlike) skrywers praat oor eie werk en dink hardop oor die oeroue vraag waar die verskil tussen chauvinisme en manlikheid lê. Kom geniet 'n heerlike middagete en goeie wyn saam met die veelbekroonde Etienne van Heerden, bobaasstorieverteller P.J. Haasbroek en twee manne wat met stewige debuutwerke wys dat hulle al hardebaarde het – Jaco Kirsten en Toast Coetzer. Amanda Botha is die aanbieder. En Marié Heese help vrae stel.
5 Maart 13:00 ● Stellenrust ● 90min ● R170

Stef Bos - Foto deur Jaap Reedijk

Soete groete
Nederlandse en Afrikaanse skrywers span talente saam vir 'n onvergeetlike aand van woord- en musiekkuns. Kom geniet Stellenrust se kos en wyn saam met groot name soos Stef Bos, Lina Spies, Menno Wigman, Annelies Verbeke, Marion de Vos, Floris Brown en Theatergroep Flint.
5 Maart 19:00 ● Stellenrust ● 180min ● R170

WOORD-URE
Woordverwante onderwerpe

Wandeling oor Argitektuur
Hoe goed ken jy die argitektoniese skatte van Stellenbosch se middedorp? Hannes Meiring, invloedryke argitek en bewaringsaktivis, neem jou op 'n staptog wat jou met ander oë sal laat kyk na die hart van die Eikestad.
1-6 Maart 17:00● Vertrek vanaf Erfurthuis ● 60min ● R30

... met Permissie
Met PG du Plessis, Nico Nel en Valiant Swart, Ollie Viljoen en Pietman Geldenhuys as *Die Mystic Trio*
Die splinternuwe kykNET-glansprogram beloof om, saam met 'n diverse verskeidenheid gaste, 'n nuwe era van storievertel in Suid-Afrika in te lei. 13 Episodes word opgeneem. Om 'n gas te wees by die opnames, moet jy spring vir 'n kaartjie by Computicket. 'n Ligte ete word ingesluit.
1 Maart 14:00 2 Maart 11:00 2 Maart 14:00 3 Maart 11:00 3 Maart 14:00 4 Maart 11:00 4 Maart 14:00 5 Maart 11:00 5 Maart 14:00 7 Maart 11:00 7 Maart 14:00 ● Oude Libertas Ouditorium ● 120min ● R70

Taalsimposium: Afrikaans en meertaligheid op universiteitsvlak
(aangebied deur Adam Tas Studentevereniging, I-Mag, Tabema en die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans)
Met Christo van der Rheede, Anton van Niekerk, Marlene Verhoef, Nico Koopman en Marius Swart
'n Feestelike geleentheid waar gratis verversings geniet word terwyl interessante sprekers gesels oor 'n netelige kwessie. Alle belangstellendes word genooi om saam te kom luister en te gesels.
2 Maart 18:00 vir 18:30 Neelsie: Sanlamsaal ● 120min ● Gratis.

Rubriekskrywers sonder brieke!
Henry Cloete gesels met Koos Kombuis, Anastasia de Vries en Jaco Kirsten oor die uitdagings waarmee rubriekskrywers te make het. Hoe skiet 'n mens daagliks 'n doel? Ontmoet die stemme wat jou in dag- en weekblaaie laat ontspan of die harnas in jaag.
3 Maart 15:00● kykNET-Boektent ● 60min ● R30

Filosofie-kafee
In die gees van die sokker-wêreldbeker pak die US se voorste filosowe mekaar oor die onderwerp: 'Speel die man en nie die bal nie'. Daar word geredeneer en geteoretiseer oor woorde soos 'doel', 'veld', 'reëls', 'span', 'toeskouers', 'kaptein', 'skeidsregter' en 'spel'. Kom raak baldadig en balhorig oor woorde saam met Anton van Niekerk, Tanya de Villiers, Paul Cilliers, Minka Woermann, Louise du Toit, Johan Hattingh, Hannes Smit en Vasti Roodt. Bespreek betyds voor die kaartjies uitverkoop is!
3 Maart 19:00● Oude Libertas restaurant● 120min ● R60

Theater van de verloren tijd
Met Dorith van der Lee en Sjon Brands
Kom geniet hierdie besondere optrede van die Tilburgse groep – 'n interaktiewe belewenis waarin bekende Vlaamse en Nederlandse gedigte sentraal staan. Hulle ken nie minder nie as 500 gedigte uit hulle koppe! Die Theater van de verloren tijd daag jou uit: gee vir hulle 'n woord en hulle antwoord jou met 'n gedig ...
5 Maart 16:30 ● Lettere-gebou, Lokaal 693 ● 60min ● R40

Sokker = voetbal: Clubcultuur in Vlaanderen
Met Steven Van de Perrre en Jeroen Roppe
Wat is die kultuurverskille tussen die groot sokkerklubs in Vlaandere? En hoe word die verskillende 'supporters' onderskei? Waar kry klubs hulle aanhang en identiteit vandaan? Wie is 'rat' (rot) en wie is 'boer'? Waarom is 'n klub nie 'n vereniging nie? En wat is die verhouding tussen die verskillende groepe ondersteuners? Relevante en insiggewende vrae en antwoorde vir 2010, vermaaklik en onderhoudend aangebied!
5 Maart 15:00 ● Lettere-gebou, Lokaal 693 ● 50 min ● R30

Neerlandistiekdag
(ondersteun deur die Nederlandse Taalunie, Kaapse Forum vir Neerlandistiek, Van Ewijck-Stigting en Fonds Neerlandistiek)
'n Boeiende dag met studente van verskillende universiteite, vol insiggewende praatjies oor en onderhoude met Nederlandse skrywers en kunstenaars. Ontmoet die Vlaamse Annelies Verbeke, bekend vir haar fassinerende boek *Slaap!* (oor iemand wat allesbehalwe slaap) en die Nederlandse digter Menno Wigman met sy musikale en toeganklike poësie. Bespreek gou – ons hou net enkele plekke vir belangstellendes van buite!
6 Maart 09:00-14:00 ● Lettere-gebou: Lokaal 693 ● 360min ● R50 (ligte ete ingesluit)

Laat my hart nie teen my getuig nie
Marié Heese verken die denkwêreld van die Egiptenare omstreeks 1500 jaar vC en vra wat hulle opvattings impliseer vir 'n hedendaagse romanskrywer. En wat hou dit in vir vandag se leefwêreld?
6 Maart 10:00 ● Ou Hoofgebou: Lokaal A ● 50min ● R30

DISKOERS

RSG Nuus en RSG bied opwindende regstreekse uitsendings aan vanaf die Plataan-kafee in die Sasol Kunsmuseum se agtertuin, die kern van die Woordfees. Feesgangers kan heeldag hier kuier, eet en drink. Besprekings vir ontbyt by 082 874 2176. Almal kan egter gratis kom luister na die volgende uitsendings:

Monitor met Cobus Bester, 1-5 Maart, 07:00 tot 08:00: Cobus praat met 'n reeks prominente meningsvormers.

Spektrum, 1-5 Maart, 13:00 tot 14:00: Die span se boeiende onderhoude met 'n verskeidenheid interessante gaste is immergewild – en die geliefde Iris Bester kom kuier ook weer saam. RSG , 1-5 Maart, 8:00 - 9:00: *Praat saam* met Freek Robinson. 'n Boeiende reeks gesprekke!

Wie se sokker-wêreldbeker is dit?
Freek praat met Gerald Don en Jeremy Fredericks
Bepaal ras jou sport-oriëntasie? Wit = sokker-lou; swart = sokker-versot?
1 Maart 08:00 ● Plataan-kafee ● 90min ● Gratis

Gaan die wêreldbeker-kool ekonomies die sous werd wees vir Suid-Afrika?
Freek praat met prof. Stan du Plessis en Mandy Rossouw
Miljarde is belê in stadions en paaie, maar wat gebeur na afloop van die sokker-wêreldbeker? Talle mense kla oor die streng beheer van Fifa oor produkte, advertensies, akkommodasie en toerismegeleenthede. Hoekom is Budweiser die goedgekeurde bier in plaas van 'n Suid-Afrikaanse produk?
2 Maart 08:00 ● Plataan-kafee ● 90min ● Gratis

Is daar nog plek vir 'ernstige' letterkunde in Afrikaans?
Cobus Bester praat met Etienne van Heerden, Danie Marais en Louis Esterhuizen
Het die koms van die Internet veroorsaak dat die tradisie van ernstige letterkunde besig is om te verflou? Is dit net gewilde spanningsromans wat nog verkoop?
3 Maart 08:00 ● Plataan-kafee ● 120min ● Gratis

Dien en Verdien
Freek gesels met Christi van der Westhuizen en Harlan Cloete
Wie kom eerste: gemeenskap of geld? Hoe skep ons 'n strategie om op veral plaaslike vlak die gees van persoonlike verryking te stop?
4 Maart 08:00 ● Plataan-kafee ● 120min ● Gratis

Kerk of sportveld?
Freek gesels met Peter de Villiers, prof. Piet Naudé en dr. Braam Hanekom
Waar sal die Afrikaner se heil vandaan kom? Verruil Afrikaanse Christene die kerkbanke vir stadionstoele?
5 Maart 08:00 ● Plataan-kafee ● 120min ● Gratis

REEKSE

1. Reg met Afrikaans
Die US Woordfees is bevoorreg om vir die eerste keer 'n groep uitgelese regskenners van die Universiteit Kaapstad se Fakulteit Regsgeleerdheid te verwelkom, wat in Afrikaans kom praat oor regskwessies wat almal raak. Prof. Rochelle le Roux, ook van die Fakulteit Regsgeleerdheid by UK, stel dié opwindende sprekers aan die woord.

Pierre de Vos: Is die grondwetlike regstaat 'n struikelblok op die weg na transformasie?
Prof. Pierre de Vos beklee die Claude Leon Foundation Leerstoel in Grondwetlike Regering aan die Universiteit Kaapstad. Hy skryf 'n *blog* getitel "Constitutionally Speaking" en is ook 'n gereelde mediakommentator oor staatsregkwessies in Suid-Afrika.
1 Maart 13:00● Konservatorium: Jannasch-saal ● 50min ● R20 by die deur

Loretta Ferris: Nuwe omgewingswette, nuwe besems: hou hulle die omgewing skoon?
Prof. Loretta Ferris het in Junie 2009 aangesluit by die Instituut vir Marine- en Omgewingsreg by die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die UK, waar sy tans omgewingsreg doseer. Voorheen was sy mede-professor by die Universiteit van Pretoria en sy het 'n ruk lank in die VSA gedoseer by die American University in Washington DC.
2 Maart 13:00● Konservatorium: Jannasch-saal ● 50min ● R20 by die deur

Jaco Barnard-Naudé: "reg/dig"
Prof. Jaco Barnard-Naudé doseer regsfilosofie aan die UK, waar hy ook nagraads studeer in Kreatiewe Skryfkunde.
3 Maart 13:00● Konservatorium: Jannasch-saal ● 50min ● R20 by die deur

Meryl du Plessis: Werkstres – verskoning of beroepsiekte?
Me. Meryl du Plessis was voorheen verbonde aan die Universiteit van Johannesburg en is tans lektrise by UK se Fakulteit Regsgeleerdheid, waar sy grondwetlike reg doseer.
4 Maart 13:00● Konservatorium: Jannasch-saal ● 50min ● R20 by die deur

Elrena van der Spuy: Suid-Afrikaanse Polisievroue as vredesbeamptes in die Soedan
Prof. Elrena van der Spuy spesialiseer in aspekte van polisiëring. Onlangs het sy die rol van die polisie in die konteks van VN- en AU-vredesmissies nagevors. In die afgelope jaar voer sy gesprekke met S.A. Polisievroue wat vir ses tot twaalf maande in die Soedan ontplooi was.
5 Maart 13:00● Konservatorium: Jannasch-saal ● 50min ● R20 by die deur

Hanri Mostert: Nasionalisering van minerale hulpbronne
Op prof. Hanri Mostert se argument sal mnr. Tony Ehrenreich van COSATU en prof. Elmarie van der Schyff van die Universiteit Noordwes repliek lewer. Prof. Hanri Mostert doseer o.m. eiendomsreg in die Departement Privaatreg aan UK se Regsfakulteit.
6 Maart 10:00● Ou Hoofgebou: JC de Wet Saal, ● 90min ● R20 by die deur

2. Rondom die draaitafel
'n Reeks gesprekke en lesings oor aktuele onderwerpe wat betrekking het op musiek en die musieklewe.

Afrikaans se vergete stiefkind
Met Winfried Lüdemann
Oor die toonsetting van Afrikaans vir kore: Woorde op die tong, woorde in die keel – hoe (on-)gemaklik sing Afrikaans?
1 Maart 16:00 ● Konservatorium: Jannasch-saal ● 50min ● R30 (by die deur)

Fuga (nie FIFA nie), of vlug?
Met Hans Roosenschoon
Die interessante ding van sokker is dat as iemand die bal skop, hardloop almal agterna ...
2 Maart 16:00 ● Konservatorium: Jannasch-saal ● 50min ● R30 (by die deur)

O, Vrolikheid op note ...
Met Izak Grové
Bekende en minder bekende fasette van humor in die musiek.
3 Maart 16:00 ● Konservatorium: Jannasch-saal ● 50min ● R30 (by die deur)

The good, the bad & the ugly
Met Naomi Morgan en Herman van den Berg
Hierdie twee kenners gesels oor die stand van populêre Afrikaanse musiek.
4 Maart 16:00 ● Konservatorium: Jannasch-saal ● 50min ● R30 (by die deur)

Kaskenades by die kunswedstryd
Minette du Toit-Pearce
'n Kykie na die historiese en kulturele bydrae wat kunswedstryde oor die jare in Suid-Afrika gelewer het en na die manier waarop dit vandag steeds kulturele groei onder jeugdiges bevorder.
5 Maart 16:00 ● Konservatorium: Jannasch-saal ● 50min ● R30 (by die deur)

3. Woordfiks met SuperSport

(In samewerking met SuperSport)
Het woorde en sport dan ook iets met mekaar uit te waai? Kom luister en kyk na watter kontaksport die twee dinge speel! 'n Eerste vir die Woordfees in die groot sportjaar!

Woordfiks met SuperSport 1
Watter woorde lê die vlakste in 'n rugby-legende se mond? Sluit aan by SuperSport en vind uit wat dink Mannetjies Roux, Hempies du Toit, Dawie de Villiers en Kobus Wiese in hierdie interessante gesprek.
3 Maart 12:00 ● De Vette Mossel ● 60min ● R70 (Ligte ete ingesluit)

Woordfiks met SuperSport 2
Hoe dikwels word sportkommentators betrap met 'n mond vol woorde? Kry saam met SuperSport 'n idee wat aangaan in die koppe van kommentators soos Naas Botha, Kobus Wiese, Hennie Pietersen, Jan Snyman, Johan Rademan en Breyton Paulse.
4 Maart 12:00 ● De Vette Mossel ●60min ● R70 (Ligte ete ingesluit)

Woordfiks met SuperSport 3
Bestaan daar 'n afsonderlike taal vir elke sportsoort? Praat uitblinkers in atletiek, sokker, krieket en rugby by mekaar verby? Of is sport 'n universele taal? SuperSport stel vir Reggie Jantjies, Gary Bailey, Mark Williams en Neil Andrews aan die woord.
5 Maart 12:00 ● De Vette Mossel ● 60min ● R70 (Ligte ete ingesluit)

4. Woordkuns en oorlog

Oorloë dien nie net as voedingsbron vir poësie in enige taal nie; die verskuns word dikwels ingespan as wapen en uitdrukkingsmiddel vir emosies oor onheil, onmenslikheid, pyn; vir weersin maar ook humor. Die heel eerste 'Afrikaanse' gedig uit 1795 was juis 'n oorlogsgedig. Kundiges kom werp lig op die rol van die digkuns in konflikte soos die ABO, die Tweede Wêreldoorlog en die onlangse Grensoorlog.

Martiens van Bart
Digkuns as medium van oorlogvoering
6 Maart 09:00 ● Ou Hoofgebou: Lokaal B ● 50min ● R20 by die deur

Johann Lodewyk Marais
Die digkuns as manier van oorlogvoering
6 Maart 10:30 ● Ou Hoofgebou: Lokaal B ● 50min ● R20 by die deur

Trevor Emslie
Leipoldt oor Afrikaans
6 Maart 12:00 ● Ou Hoofgebou: Lokaal B ● 50min ● R20 by die deur

Wium van Zyl
Die digkuns in die oorlogstyd
6 Maart 13:30 ● Ou Hoofgebou: Lokaal B ● 50min ● R20 by die deur

SANLAM DRAMAFEES

(Ondersteun deur Sanlam)

Maskermaan
(Ondersteun deur die NAC)
Deur Cecilia du Toit; Regie: Nico Luwes
Met Gerben Kamper, Peter Taljaard, Babes Mpatseng en Maria de Koker
In 'n fiktiewe ontmoeting tussen die twee Afrikaanse volksdigters, Louis Leipoldt en Eugène Marais, gesels hulle oor digterskap, liefde vir die natuur en kennis van die veld. Hul samesyn is aanvanklik heel gemoedelik, maar elkeen koester 'n eie agenda. Leipoldt wil Marais help om sy verslawing te oorkom, maar dit ontaard in 'n gewetenlose skaakspel waarin maskers voorgeskuif en weggeruk word. Hierdie stuk was besonder gewild by die Volksblad Kunstefees.
1 Maart 18:00 2 Maart 20:15 ● Japie Krige-saal ● 95 min ● R80

Suurgat II
Deur en met Leon Kruger
Ontmoet Riaan Cruywagen se grootste *fan*, wat ál sy bulletins PVR en Sondae weer kyk – Riaan se omnibus. Hy is werkloos en begin joga-klasse aanbied. Hoe moeilik kan dit nou wees om Massahare-kalmte te kry? Hy probeer 'n meisie *serenade* deur kitaar in die hand vir haar te sing ... in Frans nogal. Karakterkomedie uit die boonste rakke!
1 Maart 20:15 6 Maart 19:00 ● Klein Libertas Teater ● 70min ● R80 ● Geen O/10

As die broek pas
Deur Manfred Karge; Vertaling: Willem Anker; Regie en ontwerp: Marthinus Basson
Met Antoinette Kellermann
'n Woordfees / Absa KKNK ko-produksie, aangebied deur TEATER*Teater*
Antoinette Kellermann ontgin die realiteit van manwees eerstehands deur die aan-die-bas ervaring van 'n vrou, gebaseer op 'n ware verhaal wat afspeel in die haglike ekonomiese omstandighede van Duitsland tussen die twee Wêreldoorloë. 'n Aangrypende teater-ervaring van vereensaming en oorlewing. Vir meer inligting besoek teaterteater.com.
1 Maart 20:15 5 Maart 18:00● HB Thom Teater ● 70min ● R75 ● Geen O/14

Die Francois Toerien Show 7 – BEE compliant
Met Francois Toerien, Esther von Waltsleben, Martelize Kolver, Altan Ungerer en Brendan Daniels
Regisseur: Juanita Swanepoel
Hoe 'swart' is ons en is ons gestremd? Ons vul ons BEE scorecard in en bepaal ons status. Anita en Susan verken *Die Ander Kant* en raak begeesterd. Ons bespreek die film *Sleeping with the Enemy 2* met Helen en Julius in die rolverdeling, en Peter de Villiers gesels met Naas. En nog BAIE meer …
1 Maart 18:00 2 Maart 20:15 4 Maart 20:15 ● Klein Libertas Teater ● 70min ● R90 ● Geen O/14 (T)

Daan de Wet hou sy oog op die bal
Deur Gaerin Hauptfleisch
Met Jan-Hendrik Opperman en Gaerin Hauptfleisch
Daan de Wet is 'n privaatspeurder – Afrikaans, vir en van Afrika – jy kan maar sê ’n *Afrika-vir-ner*. Hy word genader deur die geheimsinnige mnr. Coetzee om sy vermiste boekhouer te vind. Teen die agtergrond van die wêreldbeker-sokkertoernooi ontrafel Daan ’n komplot só skrikwekkend, dit laat Bafana Bafana se kondisie lyk na ’n prettige dagdroom. Daan is egter tawwer as 'n baksteen-Bolhuis en meer voortvarend as ’n Malema...
2 Maart 18:00 6 Maart 13:00 ● Klein Libertas Teater ● 65min ● R80

'n Koeksister vir Zuma
Met Evita Bezuidenhout
Vir die eerste keer by die Woordfees! Die bekendste wit vrou in Afrika deel haar geheime oor versoening, die drie Zumamas en die toekoms van Suid-Afrika, geïnspireer deur haar nuutste kookboek, *Evita se Kossie Sikelela*. Alle ouderdomme. In Afrikaans, Engels en Bapeti.
2 Maart 20:15 4 Maart 20:15 ● HB Thom Teater ● 90 min ● R100

The Vagina Monologues
Deur Eve Ensler, vertaal deur Antoinette Louw; regie: Nanine Wessels
Met Antoinette Louw, Lulu Botha en Jacqui du Toit
The Vagina Monologues vir die eerste keer in Afrikaans! Die toneelstuk eer vroulike seksualiteit in al haar kompleksiteit en geheimsinnigheid. Met deernis, fyn humor en wysheid gee hierdie wêreldbekende kragtoer ’n stem aan vrouens se diepste vrese en fantasieë. *Huisgenoot*-fotograaf Martin de Kock se uitstalling ‘*Vrou*’ is ook te sien.
3 Maart 18:00 6 Maart 21:00 ● Klein Libertas Teater ● 60min ● R80 ● Geen 0/18

Kap Án

Kap Án
Deur Abduragman Adams en Riaan Visman; onder regie van Abduragman Adams
Met Euodia Samson, Charlton Lee George, Eldene Jones, Irshaad Ally-Arap en Riaan Visman
Sharlton September (22) verlaat sy ouerhuis vir ’n beter lewe in die stad. Vinnig bevind die taxi-ghaaitjie homself in ’n geveg tussen goed en sleg. Struikelblokke soos tik en bendebedrywighede kan sy droom om Taal en Kultuur te gaan studeer, kniehalter. Word hy deel van daardie globale ‘mode’ wat vir sommige jongmense in Kaapstad so aanloklik is?
3 Maart 18:00 6 Maart 15:00 ● Japie Krige-saal ● 70min ● R65

Dowwe Dolla: Geskud, nie gepluk nie
Met Margit Meyer-Rödenbeck, onder regie van Hennie van Greunen
Eers was daar Honey Ryder. Plenty O'Toole. Pussy Galore. En nou Dolla. Dowwe Dolla. 007. Sy drink haar Martini geskud, nie gepluk nie, dankie. Sy moet die wêreld red. Alweer. Want Jurie lyk daagliks meer soos 'n robbie(s). En Julius Malema sê ma' vi' sy grêmma Julius wil 'n Mercedes hê. Kom vind meer uit! Dowwe Dolla 007: license to trill!
3 Maart 20:30 6 Maart 20:15 ● Japie Krige-saal ● 70 min ● R80 ● Geen O/14 (T)

Dinsdae by Morrie
Deur Mitch Albom en Jeffrey Hatcher. Vertaal, verwerk en geregisseer deur Hennie van Greunen
Met Chris van Niekerk en Pedro Kruger
Tuesdays with Morrie was ’n internasionale treffer. Nou span twee van ons talentvolste akteurs vir die eerste keer saam om die deernisvolle verhaal lewe te gee in Afrikaans. Morrie is 'n Sosiologie-professor aan die US en Tiaan is een van sy oudstudente. Leermeester en student is beide by 'n kruispad in hulle lewens: Morrie word gediagnoseer met 'n terminale siekte en 'n ontnugterde Tiaan besluit om sy ou prof op te soek.
4 Maart 18:00 6 Maart 10:00 ● Japie Krige-saal ● 90min ● R80

Afspraak
Deur Jan Scholtz; Regie: Paul Eilers
Met Deon Lotz, Erica Wessels, Waldemar Schultz, Antoinette Louw, Nicole Arendse en Chris Fourie
Moontlik gemaak deur Innibos-fees, Delo Produksies, Protea Hotel Tygervallei

Dié drama deur die bekroonde Jan Scholtz bied 'n greep uit die alledaagse lewe: Die Lotterings tref voorbereidings vir 'n ete om regter en mev. Lottering na 'n lang oorsese vakansie terug te verwelkom. Terwyl skoondogter Nonnie en 'aangenome' huishulp Karoolsie werskaf, daag Andries, die swartskaap van die familie, op.
4 Maart 18:00 6 Maart 10:00 ● Klein Libertas Teater ● 60min ● R80

Skrapnel
Deur Willem Anker; Regie en ontwerp: Jaco Bouwer, Beligtingsontwerp: Michael Maxwell, Klankbaan: Braam du Toit
Met Marcel van Heerden, Andrew Thompson, Jenine Groenewald
Ondersteun deur Het Jan Marais Nationale Fonds, die Dagbreek Trust en Aardklop
'n Reeks gekoördineerde selfmoordbomaanvalle word geloods op Londen se openbare vervoerstelsel. Een van die slagoffers is 'n jong Suid-Afrikaner, Christiaan Rudolph de Wet Botha. *Skrapnel* vertel Chris se verhaal in 'n reeks kort tonele wat terugwerkend en assosiatief op mekaar volg. 'n Tydsdokument van 'n generasie Afrikaanse jongmense wat die wêreld invaar, dwalend deur 'n globale *shopping centre* van seks, dwelms en visas. **4 Maart 18:00 6 Maart 09:30 ● HB Thom Teater ● 90min ● R80**

Soetbek
Teks en regie: Hannes Spangenberg
Met Johan Falck, Frans Hamman, Stefan Krynauw, Amori Stols, Heine J. van As en Elizna Vermeulen
Aangebied deur US Drama-departement
Is jy moeg? Terneergedruk? Depressief? Behandel die lewe jou soos 'n goedkoop straatprostituut? Jy word sterk aangemoedig om na hierdie produksie propvol komiese sketse en snaakse satires te kom kyk – dis net die regte medisyne!
4 Maart 21:00 5 Maart 21:00● Japie Krige-saal ● 75min ● R50 ● Ouerbegeleiding

Die dinges is 'n watsem – Jan Spies kom tot verhaal
(Aangebied deur The Sixth Sense, in samewerking met DALRO)
Met Lizz Meiring, Deon Coetzee en Johan Engelbrecht
Dié bobaas-storieverteller en volkslegende se sappige, ongewone en slimsnaakse stories kry 'n nuwe dimensie in Johan Engelbrecht se verhaal-met-'n-kinkel verhoogstuk. *Die dinges is 'n watsem* betower oud en jonk met sy viering van die wonderlike halstarrigheid, planmakery, kulturele rariteite en aardse wyshede waarvoor oorle Jan Spies so bekend was.
5 Maart 18:00 6 Maart 13:00 ● Japie Krige-saal ● 60 min ● R80 ● Geen O/10

Oupa en Ouma
Teks en regie: Leon Kruger
Met Johan en Lida Botha
Hulle is langer as 40 jaar getroud en soms wonder hulle hoekom. Toe jy klein was, was hulle dié Oupa en Ouma wat jou boude beskerm het as jy stout was. Hulle is ook die enigste twee mense wat vir Ma en Pa mag sê wat om te doen. Hulle is die twee mense wat sekerlik hemel toe gaan. Hulle wat jou die verskil geleer het tussen *draadloos* en *radio*, maar self net draadloos luister.
5 Maart 15:00 6 Maart 17:00 ● Klein Libertas teater ● 70min ● R80

Seks in die suburbs
Teks en regie: Francois Toerien
Met Susanne Beyers en Eben Genis
'n Ouer vrou en 'n jonger man – hy pas afgestudeer; sy lek al aan vyftig. Sy't hom opgetel by 'n funksie waar hy kelner was en sy is vasbeslote om weer haar seksualiteit te laat geld. Maar die passie word gekortwiek deur 'n inbreker en na vele ontblotings en skokke kom hulle tot die gevolgtrekking dat bloed kruip waar dit nie kan loop nie.
5 Maart 18:00 6 Maart 15:00 ● Klein Libertas Teater ● 60 min ● R80 ● Geen O/14

Speelgoed van glas
Deur Tennessee Williams; Vertaling: Fred le Roux; Regie: Juanita Swanepoel
Met Martelize Kolver, Raymond Randall, Jenny-Lee Schoeman en Alex Marais
Die handeling in hierdie beroemde klassieke stuk spruit uit herinneringe van die hoofkarakter, Tom Wingfield, en speel af in 1937 in St Louis, Amerika. Baie mense beskou *The Glass Menagerie* as 'n verwerking van Williams se eie lewe – die afwesige vader, die sieklike suster Laura, die spanning tussen moeder en seun, en die skuldgevoelens wanneer Tom die gesin verlaat. Deurgaans bly die klein glasdiertjies waarmee Laura speel die simbool van weerloosheid en die breekbaarheid van menselewens en verhoudinge.
5 Maart 20:15 7 Maart 20:15 ● Klein Libertas Teater ● 105 min ● R80

Adam September en die Nazi-skat
Teks en regie: Chris Vorster
Met Marius Weyers, Ben Kruger, Ivan Abrahams en Christo Davids
Aangebied deur GZ Productions, 'n Absa KKNK / Aardklop ko-produksie
'n Aksie-komedie met 'n tikkie Indiana Jones en 'n knypie Lara Croft. In 1979 word 'n joernaal in die woestyn opgetel en die legende van 'n Nazi-skat wat destyds in Duitswes-Afrika versteek is, kry 'n tweede asem. Heintz Himler en sammajoor Wolf Basson is bloedhonde op die spoor van Adam September en sy seun Jodi.
5 Maart 20:30 6 Maart 13:00 ● HB Thom Teater ● 90min ● R80

My Sarie Marais
Deur Deon Opperman
Met Hanli Rolfes en Deon Coetzee
'n Vrou keer ná twintig jaar terug na die plaas waar sy grootgeword het en ontdek dat haar jeugliefde die nuwe eienaar is. Hy is nooit getroud nie. En so begin 'n verhaal van herontdekking, konfrontasie, vergifnis en uiteindelik die insig dat baie dinge wat in woede geskreeu word niks beteken nie. Die dinge wat gefluister word, beteken alles. Mens skreeu 'Ek haat jou!' maar fluister 'Ek het jou lief'. *My Sarie Marais* is Opperman se eerste drama vir die verhoog na *Kaburu*, waarvoor hy sy tweede Hertzogprys ontvang het.
6 Maart 16:00 ● HB Thom Teater ● 80min ● R80



Draadwerk
Deur Daleen Kruger; regie: André Stolz
Met Aletta Bezuidenhout en Denver Vraagom
Wenner van die Nagtegaal Teksprys; aangebied deur Joho! Produksies
Nuut by die US Woordfees! Na die sukses van *Die Naaimasjien* word die première van die tweede Nagtegaal Teksprys vir die eerste keer by die Woordfees aangebied. *Draadwerk* is 'n aangrypende drama oor die misterieuse en fabelagtige Uilhuis, maar veral oor die hegte vriendskap tussen die bejaarde en geheimsinnige Helen Martins en haar handlanger, Koos Malgas.
6 Maart 20:15 7 Maart 18:00 ● HB Thom Teater ● 90min ● R80

...miskien
Met Albert Pretorius en Gideon Lombard; regie: Tara Louise Notcutt
'n Verhaal van vriendskap tussen twee boesemvriende: gewone ouens wat dieselfde agtergrond, werk en uitsiglose lewens deel. 'n Liefdesverhaal oor die ruimtes wat tussen vriende bestaan en oorbrug moet word ... miskien.
7 Maart 11:00 ● Klein Libertas Teater ● 55min ● R50 ● Geen O/18 (T)

KONSERT EN KABARET

Bambi in kabaret
Met Pieter-Dirk Uys as Bambi Kellermann en Godfrey Johnson by die klavier.
Tannie Evita se jonger suster sing en klets oor haar skokkende lewe, die realiteit van die mynvelde van seks en politiek, bygestaan deur Godfrey Johnson en die FAK, Kurt Weill en ander. Nie vir die maklik-geskoktes nie.
In drie tale: Engels, Afrikaans en Duits.
3 Maart 21:00 ● Sanlam nagKAT ● 60min ● R100 (Black Bottle Scotch Whisky word bedien) ● Geen O/18

Elzabé Zietsman in Kabaret
'n Ervaring om nie mis te loop nie: Elzabé Zietsman op die kabaretverhoog! Dié befaamde *actress*, *songstress* en *chefstress* bekoor feesgangers met gunstelinge uit haar indrukwekkende *repertoire.*
4 Maart 21:00 ● Sanlam nagKAT● 60min ● R80 (Three Ships word bedien)

Amanda Strydom in *Diva*
Met Amanda Strydom
Regie: Gerrit Schoonhoven; Musikale regisseur: Janine Neethling.
In 'n groot stad staan die Diva, 'n teater vol eertydse glorie. Beatrice le Seur, 'n ou sangeres, sit saans in haar kleedkamer en roep die herinneringe van 'n vergange tyd op. Die bekroonde *Diva* is Amanda Strydom se pleidooi vir die behoud van teater in Suid-Afrika. Deur die oë van Beatrice kyk sy met patos en humor na Suid-Afrika se ryk teatergeskiedenis. 'Strydom waag en wen meesterlik' – Barrie Hough (*Beeld*)
5 Maart 21:00 ● Sanlam nagKAT ● 60min ● R80 (Bain's Cape Mountain Whisky word bedien)

Delicious Divas
Regie: Niël Rademan
Met Virginia Davids, Elizabeth Frandsen, Dainti Delischia en Rika Vermeulen (pianis)
'n Ekstravaganza met 'n kinkel in die kabel. Drie volronde dames neem Suid-Afrika in 2010 op horings! Hierdie *performers extraordinaire* demonstreer hul veelsydigheid met lyf en lied deur dans en dekadensie. Wellustige opera-arias, popmelodieë, treffers uit musiekblyspele en selfs 'n Boere-medley is op die spyskaart.
6 Maart 21:00 ● Sanlam nagKAT ● 60min ● R80 ● Geen O/18 (Black Bottle Scotch Whisky word bedien)

Gratis laataand-vermaak in die Kabarettent
Sanlam se kabarettent, Die Sanlam nagKAT, is die ideale kuierplek vir feesgangers wat skouers wil skuur met gevestigde en opkomende kunstenaars. Na die kabaretvertonings deur bogenoemde kunstenaars kan daar tot in die vroeë oggendure gekuier word met drankies en sigare terwyl die volgende kunstenaars gratis vermaak verskaf:

3 Maart 22:15: Marika Reinke en Frieda van den Heever
4 Maart 22:15 - Elizabeth Frandsen & Rika Vermeulen
5 Maart 22:15 - C2C met Johann Enslin, Winand Grundling, Petrus Coetsee en André Terblanche
6 Maart 22:15 - Emile Minnie

WOORDMUSIEK

Klanktitels
Met Jan-Hendrik Harley (altviool), Brydon Bolton (kontrabas), John Pringle (perkussie) en Pierre-Henri Wicomb (klavier). Gedigte deur o.a. Willem Anker en Rob Bolton
In hierdie projek, spesiaal vir die Woordfees aangepak, word musiek op onkonvensionele wyse gekombineer met teks om aanknopingspunte tussen verskillende media te vind. Ejncp, oftewel *Ensemble je nes comprends pas,* is een van die weinige Nuwe Musiek-ensembles in die land. Die lede daarvan is almal komponiste in eie reg.
1 Maart 17:30 ● Fismer-saal ● 55min ● R65

Stef Bos: moedertaal
'n musikale betoog oor die bron van die taal
Die liefde vir die oorsprong
Die soektog naar andere klanke
Die verwarring van betekenisse
En die loutering deur die musiek
1 Maart 20:00 ● Stellenrust ● 90min ● R100 (Stellenrust verskaf die wyn)

Prente by ’n uitstalling
Philip de Vos en Tertia Visser-Downie op klavier
Na die groot sukses van *Karnaval van die diere*, wat reeds weerklink het in Italië, Duitsland, Nederland en die VSA, het Philip spesiaal vir sy 70ste verjaarsdag begeleidende verse geskryf by Mussorgsky se briljante klavierwerk, *Prente by ’n uitstalling*. Philip kom lees hierdie verse tussen elke klavier-beweging met begeleiding en improvisasie deur pianis Tertia Visser-Downie. Kenmerkend van Philip is die program beide liries en humoristies – ’n uitstekende kombinasie van woordkuns en klassieke musiek! En Mooiplaas verskaf gratis wyn.
3 Maart 17:30 ● Fismer-saal ● 45min ● R60

Niël Rademan: Van klassiek tot kabaret
Met Niël Rademan (klavier en sang), Johann Enslin (klavier) en Winand Grundling (klavier)
Hierdie konsert met drie vleuelklaviere is beslis iets om nie mis te loop nie! Dit beloof om ’n virtuose skouspel te wees van klassieke en populêre klavierwerke en sang, afgewissel met kabaretmusiek. Immergewilde Niël Rademan, veelsydige kunstenaar en ware verhoogdier wat hy is, lewer altyd iets nuuts op! Wyn van Overgauw rond 'n spesiale vertoning af.
5 Maart 17:30 ● Fismer-saal ● 55min ● R80

Baby, as ek verby ry ...
Met Dana Snyman en Klopjag
Dana Snyman en Klopjag span saam om die gehoor op reis te neem na ’n wêreld van agterpaaie, gastehuise, klein kroegies en vreemde dorpies met hul unieke karakters en stories. Hier mag jy maar drink en bestuur – Muratie verskaf die wyn!
5 Maart 20:15 ● Fismer-saal ● 60min ● R80

Wat die water onthou
Louis Esterhuizen lees gedigte uit sy nuwe bundel voor, terwyl Marietjie Pauw die verse met haar dwarsfluit eggo. Die musiek is van verskeie komponiste en is geneem uit die repertorium vir solofluit.
6 Maart 12:00 ● Erfurthuis ● 50min ● R30

Verse in my vingers – Breyten Breytenbach
Samestelling, ter viering van Breytenbach se 70ste verjaarsdag, en regie: Juanita Swanepoel
Met Johann Nel, Waldemar Schultz, Hugo Theart, Eugenie Wiggens en Laurinda Hofmeyr
In opdrag van die Breytenbach Sentrum, Wellington
In November 1975 sê Breyten Breytenbach tydens sy verhoor in Pretoria: 'Ek voel, ek wéét ek het nog baie gedigte in my vingers en skilderye in my oog'. By ’n ander geleentheid: 'Ek wil in my werk so na moontlik probeer kom aan die verbygaande – nie die ewige nie, dié was altyd daar. En die ewige sê niks. Dis die verbygaande wat seer maak, die plaaslike'. Laurinda Hofmeyr begelei hierdie magiese reis deur die werk en lewe van die digter. Vir meer inligting besoek verseinmyvingers.co.za
6 Maart 17:30 7 Maart 18:00 ● Japie Krige-saal ● 80min ● R80

Skemerverse
Met Abel Kraamsaal, Marlise Joubert, Diana Ferrus, Danie Marais, Loftus Marais en Jasper van Zyl.
Daar is nie ’n beter manier om die Woordfees af te sluit met strelende musiek en kwaliteit-poësie in die rustige atmosfeer van die Trumpet Tree nie. Kom klink ’n glasie en geniet ’n happie in die geselskap van die voorste versmakers in Afrikaans.
7 Maart 18:00 ● Trumpet Tree ● 120min ● R80 (ligte ete ingesluit)

MUSIEKFEES: KLASSIEK

USSO met Leon Bosch (kontrabas)
Universiteit Stellenbosch Simfonie-orkes o.l.v. Corvin Matei
Program: Rossini se *William Tell Overture;* Bruckner se Vierde Simfonie en Bottesini se *Concerto & Variasies vir Kontrabas* (solis: Leon Bosch)
Suid-Afrikaans gebore Leon Bosch, een van ’n handvol gevierde kontrabasvirtuose in die wêreld, tree wêreldwyd op saam met voorste dirigente, pianiste en gesogte kamermusiek-ensembles. Die afgelope twee jaar het hy ook meesterklasse en konserte aangebied tydens die jaarlikse Internasionale Kamermusiekfees in Stellenbosch.
27 Februarie 20:15 ● Konservatorium: Endler-saal ● 120min ● R95 R75 vir studente en pensioenarisse

***Ek sing van die wind* en ander koormusiek**
'n Program van Afrikaanse liedere vir koor
Met Schola Cantorum: Solistekoor o.l.v. Rudolf de Beer
Aangebied deur US Departement Musiek
Die werk van toonaangewende Afrikaanse digters word tradisioneel in die vorm van solo-liedere met klavierbegeleiding getoonset of dien (meer onlangs) as lirieke vir populêre musiek. Hierdie uitvoering is egter iets anders: dit bied 'n seleksie Afrikaanse gedigte getoonset in die uitdagende medium van die koormusiek. Kom kyk gerus hoe dit verskil!
28 Februarie 16:30 ● Konservatorium: Endler-saal ● 60min ● R85 R65 vir studente en pensioenarisse

Canciones del Sur / Musiek uit die Suide
Met Zanne Stapelberg, Minette du Toit-Pearce en James Grace (kitaar)
Aangebied deur Long Tall Woman Productions
Kom luister hoe drie van Suid-Afrika se voorste jong musici klassieke style van uiteenlopende wêrelddele ontgin: vurige melodieë uit Argentinië, Amerika, Meksiko, Chili, Italië, Kuba, Spanje en Suid-Afrika – van volksmusiek, tango en milonga tot flamenco. Kaapzicht skenk vir jou 'n glasie wyn hierby.
1 Maart 20:15 ● Fismer-saal ● 65min ● R80

Die sewe laaste woorde
Met die Amici-kwartet: Suzanne Martens (1ste viool), Quentin Crida (2de viool), David Snaith (viola) en Peter Martens (tjello).
Teks saamgestel deur Daniel Hugo; voorlesing: Johann Nel
Joseph Haydn het hierdie werk, met die sewe kruiswoorde van Christus as tema, in 1801 vir orkes gekomponeer vir die katedraal van Cadiz, as deel van die Lydenstyd-liturgie. Die Amici-kwartet speel die strykkwartet wat Haydn 'n paar jaar na die oorspronklike orkeswerk die lig laat sien het. 'n Ontroerende ervaring in die aanloop tot Paasfees.
2 Maart 17:30 ● Fismer-saal ● 90min ● R60

100 Afrikaanse liedkuns
Met Minette du Toit-Pearce, Vanessa Tait en André Howard; begelei deur Elna van der Merwe
Moontlik gemaak deur US Navorsingsontwikkeling en die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns
Sedert Bosman di Ravelli se toonsetting in 1908 van Eugène Marais se 'Winternag' het die Afrikaanse kunsliedbeweging dramaties gegroei. Dit is steeds aktueel vir komponiste soos Pieter de Villiers en Hendrik Hofmeyr. Dié konsert en CD-bekendstelling verleen luister aan 'n eeu van die Afrikaanse lied deur 'n seleksie van meer en minder bekende voorbeelde uit die Afrikaanse kunsliedereskat. Blaauwklippen sorg vir gratis wyn.
2 Maart 20:15 ● Endler-saal ● 70min ● R80

Blondes, Verdi en Lloyd Webber
Met Elna van der Merwe, Zorada Temmingh (klaviere), Neville Arnolds (tromme)
Die Blondes se splinternuwe tweeklavier-produksie bring arias uit Verdi-operas bymekaar: dramaties, romanties en nostalgies. Die Andrew Lloyd Webber-keurspel laat die klaviere ruk en rol met treffers uit *Joseph and the Amazing Technicolor Dreamcoat, Jesus Christ Superstar, Evita, Cats*, The Phantom of the Opera en *Sunset Boulevard.* 'n Uur van genot, tegniese virtuositeit, oorspronklike verwerkings en musikale humor! Kom geniet ook 'n gratis glasie wyn van Kaapzicht.
3 Maart 20:15 ● Endler-saal ● 60min ● R80

By die kruispad van digters en komponiste
Liedprogram met André Serfontein, begelei deur Benjamin van Eeden
Hierdie Afrikaanse kunsliedere word vir die heel eerste keer in die Wes-Kaap uitgevoer. Dié uitmuntende kunsliedvertolkers met hul uitgebreide repertorium het reeds internasionaal opgetree en gaan o.m. in 2010 na Portugal. Gedigte van N.P. van Wyk Louw, Antjie Krog, Elisabeth Eybers en W.E.G. Louw is getoonset deur komponiste soos Johann Potgieter en Niel van der Watt. Vir die eerste keer in Suid-Afrika kan u ook luister na Aubrey Meyer-lirieke, vertaal deur Johan Anker, en na Hendrik Hofmeyr se toonsettings van Uys Krige se verse.
4 Maart 17:30 ● Fismer-saal ● 55min ● R75

Nuwe woorde word nuwe liedere
In samewerking met Woordpoort, Pretoria
Met Deirdré Blignaut (sopraan), Linette van der Merwe (mezzo), Chris Mostert (tenoor) en Wessel van Wyk (klavier).
Splinternuut en pragtig! Daniel Hugo, Hennie Aucamp, Hennie van Coller en Carina Stander het spesiaal gedigte geskryf wat deur leidende komponiste soos Niel van der Watt, Hendrik Hofmeyr en Martin Watt getoonset is. Met die ondersteuning van die FAK gee hierdie opdragproduksie 'n stewige hupstoot aan die Afrikaanse kunsliedereskat. Met wyn van Kaapzicht.
6 Maart 12:00 ● Fismer-saal ● 50min ● R60

Koorfees Gala-aand
Libertas-koor met Anna Davel
Die gewilde Anna Davel tree op saam met die alombekende Libertas-koor en die wenners van die Koorsig-koorkompetisie wat jaarliks deur die US Woordfees aangebied word. Hierdie besondere aand is tradisioneel 'n hoogtepunt waarmee die Woordfeesprogram afsluit. Distell sorg vir gratis drankies hierby.
7 Maart 20:15 ● Endler-saal ● 90min ● R90

MUSIEKFEES: KONTEMPORêR

Coenie de Villiers
Liedjieskrywer, klaviermaestro en sanger Coenie de Villiers skuif agter die klawers in vir 'n uitvoering van bekende sowel as minder bekende liedjies uit sy repertoire wat oor bykans dertig jaar strek. Een van die nuwer liedjies in sy program is "Gebed van 'n Reisiger", wat sterk aanklank vind by mense wie se geliefdes oorsee woon. Ervaar een van Suid-Afrika se oorspronklikste kunstenaars saam met Stellenrust se heerlike wyne.
2 Maart 20:00 ● Stellenrust ● 70min ● R100

4x4
Met Jannie Moolman, Annake de Villiers (viool), Devereaux van der Hoven (klavier) en Mauritz Lotz (akoestiese kitaar)
'n Unieke akoestiese reis deur genres: van opera en lig klassiek tot Afrikaanse musiek – op 'n unieke vars manier. Kom luister saam na geliefde opera-arias soos *Nessun Dorma* of *O sole Mio* en na instrumentale hoogtepunte soos die tango's van Astor Piazzola en die hartroerende tema uit die film *Schindler's List.* 'n Emosionele, diep bevredigende sielstog met sanger en instrumentaliste. Met gratis wyn van Stellenrust.
3 Maart 20:00 ● Stellenrust ● 60min ● R100

KLT: Opkikker
Met Die Heuwels Fantasties, Jack Parow, Thieve en Tidal Waves
Suid-Afrikaanse gatskop-musiek op sy beste assie manne bymekaarkom vir 'n show innie buitelig! Bespreek tog maar betyds om jou plek te verseker, want hier gaan groot dinge uitspring!
3 Maart 18:00 ● Klein Libertas Buiteverhoog ● 300min ● R60 ● R50 vir studente

Cutt Glas – 20 jaar van spesiale oomblikke
Aangebied deur Oude Libertas Amfiteater
Met Karen Meiring, Bondina Osterhoff, Shireen Hollier, Anna Davel, Jolette Odendaal, Karen Wessels, Rozelle Blackie en Mabet van Wyk
Suid-Afrika se immergewilde vroue a capella-groep is 20 jaar oud. Vir hierdie vertoning span die groep kragte saam met drie van hul langsdienende voormalige lede, t.w. Shireen Hollier, Anna Davel en Jolette Odendaal. *20 jaar van spesiale oomblikke* is 'n samevoeging van die groep se gehoorgunstelinge met die gebruiklike, spitsvondige nuwe kommentaar.
3 Maart 20:15 5 Maart 20:15 ● Oude Libertas Amfiteater ● 70min ● R110/120/130

Saam
Aangebied deur Oude Libertas Amfiteater
Met Amanda Strydom en Lize Beekman, Janine Neethling, Floors Oosthuizen en David Klassen
Twee van Suid-Afrika se bekendste liedjieskrywers en sangers span in hierdie vertoning saam vir ’n unieke musiek-ervaring. Saam met die treffers is daar natuurlik ook stories te vertelle – soos net hulle kan.
4 Maart 20:15 6 Maart 20:15 ● Oude Libertas Amfiteater ● 70min ● R110/120/130

Dit is wat dit is
Met Herman van den Berg
In samewerking met Delvera-landgoed en Simonsberg Café

Dié buitelug kuierplek tussen die wingerde van Delvera is die ideale plek vir musiekliefhebbers om meegesleur te word deur hierdie voorste liedjieskrywer se nuutste album, saam met ’n smullekker driegangmaal. Die pers noem dit ’n 'meesleurende meesterstuk (...) versamelstuk (...) briljante album', 'asemrowend mooi', met 'intelligente, treffende lirieke'. Voorafbespreking vir die ete is noodsaaklik (skakel Candice by Simonsberg Café: 021-884 4353), maar kaartjies slegs vir die vertoning is ook beskikbaar by die deur.
5 Maart 20:15 ● Delvera-landgoed ● 70min ● R180 (met driegang ete en gratis glas wyn) /R95 (met gratis glas wyn)

Theatergroep Flint
Hierdie musiekteater mag ’n mens nie misloop nie! Die manne van Flint bring ’n spetterende musikale show waarby verse van vooraanstaande Nederlandse en Afrikaanse digters akoesties begelei word. Gerrit Achterberg, Ingrid Jonker, Hugo Claus, Adam Small: jy het hul gedigte nog nooit op so ’n oorspronklike wyse gehoor nie.
6 Maart 15:00 ● Fismer-saal ● 60min ● R50

Die Kaap is Hollands
Met Jannie du Toit en Christa Steyn
Nederlandstalige kleinkuns beïnvloed die werk van Jannie en Christa al jare lank. Sedert Ilse van Hemert se *De Kleine Man* (1994) lewer hulle ’n enorme bydrae om dié besondere tipe musiek in Suid-Afrika te ontsluit. Hierdie program is ’n bloemlesing van klank- en taalgrepe uit ’n dosyn Nederlandstalige kunstenaars se penne. Blaauwklippen bedien gratis wyn.
6 Maart 18:00 ● Fismer-saal ● 55min ● R80

Chris Chameleon en Jan Blohm
Skemerkonsert met piekniek
Twee van Suid-Afrika se witwarm talente span kragte saam om jou musiek-ervaring by 2010 se Woordfees onvergeetlik te maak. Pak jou piekniekmandjie, gryp ’n kombers en skrop vroeg-vroeg nes voor die Klein Libertas se Buiteverhoog. Moenie jou geliefde vergeet nie, want ’n spesiale geleentheid soos hierdie is bedoel om gedeel te word.
7 Maart 18:00 ● Klein Libertas Teater Buiteverhoog ● 120min ● R100

Mark Fransman – Strait ’n Narro
Aangebied deur Oude Libertas Amfiteater
Featuring Mark Fransman – Standard Bank Young Artist for Jazz 2008, Lee Thomson, Buddy Wells, Wesley Rustin, Melanie Scholtz – Standard Bank Artist for Jazz 2010, Kevin Gibson and Gavin Minter. Music composed and arranged by Mark Fransman.
The group fuses the harmonic and compositional elements of South African music and jazz with the rhythmic structures of modern dance music.
7 Maart 18:30 ● Oude Libertas Amfiteater ● 90min ● R90/100/110 ● Piekniek R30 volwassenes; R20 kinders onder 12

Aan de Braak-fees

AAN DE BRAAK TEATER-KROEG
Bespreek by Computicket of direk by Aan de Braak by 082 335 3105

LAZUMA! 2010
Johan Falck en Marlo Minnaar sit nuwe skop in kabaret!
Pianis: Grethe van der Merwe
Welcome/Wamkelikele/Welkom: Waar ’n nuwe kultuur elke sekonde ontpop!
3 Maart 18:00 ● Aan de Braak Teater-kroeg ● 60min ● R60

Vuvuzela
’n Fisieke teater-skouspel met Katja Hopkins en Lanél van der Kolff
Met die oog op buitelanders wat in SA aankom vir die sokker-wêreldbeker en nie noodwendig Afrikaans óf Engels verstaan nie, het Katja Hopkins en Lanél van der Kolff ’n fisieke teater-skouspel vol beweging en liggaamstaal saamgestel wat toeganklik is vir almal.
2 Maart 18:00 ● Aan de Braak Teater-kroeg ● 60min ● R60

Prostitusie-revolusie!!
Met Lize-Meri Smallberger en Anèle du Plessis
Prostitusie-revolusie gee die gehoor ’n kykie in die soms skreeusnaakse, maar tog ernstige gevolge wat die sokker-wêreldbeker in 2010 op Suid-Afrika se prostitusiebedryf kan hê. Lola en Margaret, twee baie uitgesproke prostitute, deel hul bekommernisse en kennis van die bedryf. Hul doel in kort: om op te voed!
1 Maart 18:00 ● Aan de Braak Teater-kroeg ● 60min ● R60

Ons Sokkerrepubliek 2010
Met Riaan Visman, Jana Oosthuizen, Stephané Badenhorst en Etienne van Wyk
Fasiliteerder: Niël Rademan
’n Spitsvondige kabaret wat die draak steek met die sokker-wêreldbeker in 2010. Kommentaar word gelewer op Suid-Afrika se kapasiteit om al die sokker-uitdagings te hanteer. Geen heilige koei word ontsien nie!
4 Maart 18:00 ● Aan de Braak Teater-kroeg ● 60min ● R60
Marika
Met Marika Reinke en Frieda van den Heever (begeleier)
Marika Reinke en Frieda kom bekoor en betower die gehoor met gunstelinge soos 'Tolbos in die wind' en 'Summertime', asook met haar eie komposisies.
5 Maart 18:00 ● Aan de Braak Teater-kroeg ● 60min ● R60

Vreet en sweet
Met Grethe van der Merwe en Maryke Nel; Teks en Regie: Christiaan Olwagen; Begeleier: Frieda van den Heever
2 koppies mens, 4 eetlepels hormone, 1 paartjie, ½ koppie frustrasie (bekombaar by enige supermark). Voeg oorvriendelikheid by na smaak. Sif eers die droë bestanddele saam en voeg die vloeistowwe stadig by. Meng die beslag goed, maar moet dit nie oormanipuleer nie. Bak vir 1 uur en laat staan. Bedien warm en sweet na die tyd uit. 'n Beproefde resep wat elke keer anders smaak!
6 Maart 20:00 ● Aan de Braak Teater-kroeg ● 60min ● R60

Beyerskloof Musiekmarathon @ US Woordfees 2010

In samewerking met Beyerskloof
Vir die eerste keer by die Woordfees: van Suid-Afrika se mees gesogte kunstenaars in splinternuwe kombinasies en produksies! 'n Marathon-reeks onvergeetlike aande van musiek, klank en woorde op die dek van Beyerskloof – een van Stellenbosch se gunsteling-wynplase. Met heerlike wyne, ’n gesellige, intieme atmosfeer en ’n asemrowende uitsig. Vir meer inligting, besoek www.beyerskloof.co.za of www.dpk.co.za.

Koos & Kennedy
Koos Kombuis en Hunter Kennedy: twee rewolusionêre Afrikaanse liedjieskrywers, meesters van eiesoortige musiek wat uitstaan, protesteer, bevraagteken en mense oor generasies heen aanspreek. Uit verskillende genres en eras, deel hulle hier vir die eerste keer ’n verhoog in ’n intieme atmosfeer.
3 Maart 19:00 ● Beyerskloof ● 90min ● R120

Klankdig
Met Danie Marais, The Orange Stilettos, Ronelda S Kamfer, Andries Bezuidenhout, Die Kaalkop Waarheid, Hanru Niemand, The Black Cat Bones en Jack Parow
'n Opwindende mengelmoes van digkuns en akoestiese rock-musiek, voorgedra en opgevoer deur van die land se mees befaamde kunstenaars asook interessante nuwelinge. *Klankdig*, wat “beat-poetry” eggo, trou woordkuns en musiek op 'n kontemporêre wyse. In samewerking met Beyerskloof beloof hierdie Trouvrou - en DPK produksie om 'n heerlike versnit op te lewer. Daar’s ook lekkernye en wyn!
4 Maart 19:00 ● Beyerskloof ● 90min ● R120

Zinkplaat & Tidal Waves
Dié twee uiteenlopende musiekgroepe het baie meer gemeen as wat mens met die eerste oog- of ooropslag sal dink. Hulle paaie het al ’n paar keer gekruis. Na die gesamentlike optrede tydens Die Ubuntoer in 2008 was ’n reggae-, blues- en rock-byeenkoms onvermydelik. Nou word die plan eindelik uitgevoer wanneer die Gautengse reggae-meesters en Stellenbosch se gunsteling-Afrikaanse rockers hul unieke klanke byeenbring.
5 Maart 19:00 ● Beyerskloof ● 90min ● R120

Blues & Susters
Met Anna Davel, Ollie Viljoen, Schalk Joubert, Lou-Ann Stone en Kevin Gibson.
Hierdie vertoning wil jazz en blues van *volksvreemd* na *volkseie* verander deur dit op ’n splinternuwe manier bekend te stel. Die ongelooflike eenheid tussen musikante en instrumente maak hierdie produksie onvergeetlik.
6 Maart 19:00 ● Beyerskloof ● 60min ● R120

KUNSFEES

Feeskunstenaar: Andries Botha
Die Woordfees is bevoorreg om nogmaals ’n besondere feeskunstenaar van wêreldstatuur te verwelkom. Andries Botha het wye internasionale bekendheid verwerf met o.a. sy olifantprojek en natuurbewustheid. Twee klein olifantjies het spesiaal suidwaarts getrek vir die fees – kom bekyk hulle gerus by die Sasol Kunsmuseum!
Sasol Kunsmuseum: Opening 1 Maart 18:30 vir 19:00.
Uitstalling: 1 Maart tot 9 April

Oor die einders van die bladsy
Moontlik gemaak deur Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus), National Arts Council, Navorsingseenheid: Tale en literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks (NWU), ATKV.
1. Uitstalling:
In die groepsuitstalling *Oor die einders van die bladsy* speel ’n wye verskeidenheid bekende kunstenaars uit verskillende dissiplines met die konsep 'boek', soos Strijdom van der Merwe, Diane Victor, Jan van der Merwe, Danie Marais, Fanie Viljoen, Piet Grobler, Leon de Villiers, Stephan Erasmus, Leora Farber, David Paton, Angus Taylor, Ian Marley, Heilna du Plooy, Franci Greyling, Richardt Strydom, Kabous en Hannes Meiring. Kom en verken gerus jou eie grense!
1-6 Maart 14:00 ● Africana-kamer van die Gericke-biblioteek ● Gratis

2. *Oor die einders van die bladsy* – kunstenaars in gesprek
In aansluiting by die uitstalling tree vyf kunstenaars in gesprek oor die projek, die kunswerke en hoe elkeen van hulle die uitdaging aangepak het. Kom luister na projekleiers Franci Greyling en Ian Marley, en skrywers en kunstenaars Danie Marais, Strijdom van der Merwe en Kabous Meiring.
4 Maart 14:00 ● J.S. Gericke Biblioteek: Ouditorium ● 60min ● R40

3. Kreatiewe navorsingsprojekte: hoe is dit moontlik?
Ian Marley en Franci Greyling, leiers van die *Einders*-projek, gesels oor die uitdagings en moontlikhede van praktykgebaseerde navorsing. Aspekte soos kreatiewe groepsdinamika, projekstrukture, projekbeplanning word bespreek en praktiese wenke word gedeel.
4 Maart 15:00 ● J.S. Gericke Biblioteek: Ouditorium ● 90min ● Gratis
Rondleiding: Andries Botha

Met Amanda Botha
Soos gebruiklik ontsluit feeskurator Amanda Botha die wêreldbekende feeskunstenaar Andries Botha se beelde en skilderye met interessante besonderhede wat die belewenis, genot en agting vir die kunstenaar vergroot.
3 Maart 17:00, 6 Maart 15:00● Sasol Kunsmuseum ● 60min ● R20 (by die deur)

Feeskunstenaar: Andries Botha in gesprek
Visuele kuns: Andries Botha oor eie werk en sy internasionale ekologiese kunsprojekte in gesprek met Amanda Botha, asook Ernst van der Wal en Annemie Conradie van US se Departement Visuele Kunste.
6 Maart 10:00 ● Sasol Kunsmuseum ● 60min ● R30

Asem van ekstase – Suid-Afrikaanse meesterwerke
Met Amanda Botha

Dié spesiale rondleiding bring feesgangers opnuut onder die indruk van Suid-Afrikaanse meesterwerke. Nêrens anders as by die Rupert Kunsmuseum word so ’n omvattende, verteenwoordigende beeld verkry van die beste 20ste eeuse werke nie. Amanda se anekdotes en staaltjies oor kunstenaars en hulle werke het al legendariese status verwerf – bespreek dus betyds! 'n Beperkte aantal plekke.
4 Maart 13:00 ● Rupert Kunsmuseum ● 60min ● R40

’n Eie kunsversameling?
Met Johans Bornman, handelaar in Suid-Afrikaanse meesterwerke; Elana Brundyn, handelaar in kontemporêre Suid-Afrikaanse kuns; Stefan Hundt, kurator van die Sanlam Kunsversameling, en Baylon Sandri, ’n handelaar wat Suid-Afrikaanse kunswerke voortdurend op die voorgrond plaas, in gesprek met Amanda Botha
Voorste kunshandelaars en -kenners kom gee wenke oor hoe jy ’n eie versameling opbou. Wat koop jy as jy vir die plesier versamel, en óók – hoe speel jy die mark? Maak 'n eie kunsversameling ekonomies sin?
6 Maart 12:00 ● Ou Hoofgebou: JC de Wetsaal ● 90min ● R40

Strijdom van der Merwe gaan groen
Die Eersterivier, een van ons land se skoonste en vinnigste vloeiende riviere, toon reeds tekens dat dit nie die menslike impak van klimaatsverandering en afvalbesoedeling vryspring nie. Dit is ons almal se plig om te verseker dat ons hierdie natuurlike lewensaar tot ons eie voordeel sal bewaar.
’n Kunswerk ter bewusmaking van die Eersterivier

Allooi: Tweegesprek tussen beeldkuns en woordkuns
Samestellers: Ben Botma en Bernard Odendaal, vir die Eeufeessimposium van die S.A. Akademie
Van die mees gerekende Suid-Afrikaanse visuele en woordkunstenaars is genooi om, individueel of in pare, twee nuwe kunswerke te lewer waarin beeld en woord geïntegreer word. Die enigste riglyn was dat elemente van sowel die visuele as woordkuns in elk moes voorkom. Alle kunswerke is te koop.
1-6 Maart 08:30 tot 17:00 ● Stellenbosch Kunsgalery ● Gratis

Pieter-Dirk Uys- uitstalling
Vanjaar se Woordfees bied aan Mevrou Evita Bezuidenhout se nuwe kookboek *Evita se Kossie Sikelela*, Evita op die verhoog met *’n Koeksister vir Zuma*, Evita hier en Evita daar – en dan ook Evita soos geskilder deur Rembrandt. En Van Gogh. En Andy Warhol. En ons eie Vladimir Tretch en Maggie Laubser! ’n Darling Uitstalling met smaak, humor en groot talent. Net by die Woordfees.
1-7 Maart ● Sasol Kunsmuseum

Kunsroete en verkoopsuitstallings, met Theo Kleynhans as kurator
Na verlede jaar se hoogs suksesvolle kunsroete bou ons voort op hierdie wenresep! Volg die spesiale kunsroete van die PJ Olivier Kunssentrum tot by die US Kunsgalery heeldag lank en kom kyk watter groot verskeidenheid kunswerke te koop is teen ’n spesiale fees-afslag. Die Woordfees is die ideale plek om met uitstekende, bekostigbare werk jou eie kosbare versameling te begin of verder uit te bou. Hier sal jy baie spesiale werk vind wat nêrens anders uitgestal word en te koop aangetref word nie.

Rondleidings deur Theo Kleynhans: Kunsroete
Moenie die boeiende rondleidings deur Theo Kleynhans mis waarin die beste kopies uitgewys word nie. Hierdie winskopies is op die duur vir jou goud werd!
1-5 Maart 18:00● PJ Olivier Kunssentrum ● 90min ● R50

Baljaar-balle!
Met Theo Paul Vorster, Susqya Williams, Chris Koch, Jean de Wet, Seth Harper, Hugo de Villiers, J.P. van Jaarsveld, Marike Kleynscheldt, Wendy Gaybba, Janna Prinsloo en Riaan Vosloo
Elf kunstenaars baljaar oor 111 sirkelvormige panele in hierdie baldadige, uitspattige uitstalling. Kom kyk gerus hoe kunstenaars komposisies maak binne ’n sirkel – tradisioneel gesien as die moeilikste vorm om visueel te balanseer.
1-6 Maart ● PJ Olivier Kunssentrum

Dagboek

Met Lynie Olivier, Wendy Malan, Christo Basson, Chris Diedericks, Jan du Toit, Hanneke Benadé, Lien Botha, Judy Woodbourne, Paul Birchall, Lionel Smit en Marlise Keith
Van S.A. se voorste visuele kunstenaars raak kreatief rondom die konsep *dagboekinskrywings*.
1-6 Maart ● PJ Olivier Kunssentrum

Kladboek
Met Susqya Williams, Sandra Hanekom, Chris Diedericks, Alta Botha, Zhané Warren, Hermie Voulgarellis, Elizabeth Gunther, Judy Woodbourne, Paul Birchall, Danie Janse van Vuuren en Andre Laubscher
Die fenomeen van kunstenaarsboeke is relatief onbekend in Suid-Afrika, maar is uiters gesog in die buiteland. Die kunstenaars kom wys boeke wat unieke beelde bevat, maar waar die teks opsioneel is.
1-6 Maart ● PJ Olivier Kunssentrum

Kwetter
Met Dianne Heesom Green, Martin Haines, Hennie Meyer en Lisa Ringwood
Kwetter is 'n keramiekuitstalling met vier van ons voorste pottebakkers. *Kwetter* verwys nie net na die gekwetter van voëls as tema nie, maar ook na die manier waarop werke met mekaar in gesprek tree in hierdie eietydse Twitter tussen die kunstenaars! Hennie Meyer se werke pas in onder die subtema *Bird/Voël;* Martin Haines vertoon van sy Delft-geïnspireerde borde; Dianne Heesom Green wys abstrakte swart vorms wat aan neste herinner en Lisa Ringwood bring haar eiesoortige bakkies met fyn handgeskilderde detail.
1-6 Maart ● PJ Olivier Kunssentrum



Molo mimi
Onder leiding van Lisa Nettleton borduur 'n groep mense van die Oos-Kaap met naaimasjiene en maak kunswerke van lap. Vrystik, laslap, appliek en herwonne materiale maak van elke werk 'n unieke kykervaring.
1-6 Maart ● PJ Olivier Kunssentrum

Onse mense
Ondersteun deur Sanlam
Marie Stander, wat reeds die afgelope 10 jaar in Jamestown buite Stellenbosch woon, vertoon veral drukke wat in *Onse mense* gepubliseer is saam met digkuns wat spesifiek vir die werke geskep is. As 'n portret- en figuratiewe kunstenaar beeld Marie ons mense van die dorpie uit in 'n empatiese dog tipiese *warts and all*-tradisie.
4 Maart 19:00 ● PJ Olivier Kunssentrum ● 60min ● Gratis
Uitstalling 1-6 Maart ● PJ Olivier Kunssentrum

Op die toneel
Met Brahm van Zyl, Madelein Marincowitz, Susan Kruger Grundlingh en Niel Jonker
Dana Snyman se nostalgie, heimwee en aweregse blik op Suid-Afrika is opgeteken in verskeie boeke en tydskrifte. Vier kunstenaars, almal geïnspireer deur herinnerings en die onmiddellike geskiedenis, het Snyman se nuwe boek, *Op die toneel*, gebruik as wegspringpunt vir hierdie uitstalling.
1-6 Maart ● PJ Olivier Kunssentrum

baster
Met Cobus van Bosch
'Die nou bykans vergete era van die Orlams, Griekwas, Bergenaars, Fransmans, Witboois, die Afrikaners en ander pioniersgroepe van gemengde rasse- en kulturele herkoms, herleef in hierdie reeks beelde van die 19de eeuse wilde weste van Suider-Afrika.'
1-6 Maart ● PJ Olivier Kunssentrum

Boekmerk
Saamgestel deur Nelis Koegelenberg
'n Fassinerende uitstalling van boekmerke deur die leerders van die PJ Olivier Kunssentrum.
1-6 Maart ● PJ Olivier Kunssentrum

The Official Art Poster Edition 2010 FIFA World Cup South Africa™
Aangebied deur iART
iArt Gallery is delighted to be collaborating with David Krut Publishing in illuminating the point at which sport, art and culture intersect: The Official Art Poster Edition 2010 FIFA World Cup South Africa™ is an Officially Licensed Product of the 2010 FIFA World Cup South Africa™.
1-6 Maart ● US Kunsgalery

Paul Emsley

Aangebied deur iART
'All that I can experience of the universe with any degree of certainty is matter – for me it is the visible and tangible end of space' – Paul Emsley. For this artist, all forms are made up of different configurations and densities over which light and shade pass in the same way. Emphasis on a brooding or settled half-light and extraordinary mastery of the medium lends his work a profound sense of mystery.
1-6 Maart ● US Kunsgalery

Lees tussen die lyne / Read between the lines
Aangebied deur iART
This curated group exhibition focuses on the incorporation and exploration of the written word as subject matter. Nuances of narrative and the influence of literature on visual art forms are the points from which a story of the viewer's own is able to grow.
1-6 Maart ● US Kunsgalery

KOOWEE KINDERFEES

Lofkleuter 2 - *Nog Bybelstories en -liedjies*
Met Jan de Wet
Aangebied deur Lux Verbi
Kom kuier saam met jou kleuter en luister na dié legendariese sanger. Elke Bybelverhaal word belig deur 'n liedjie op die CD. Die kleuter word aan dié verhale bekend gestel deur die liedjies en illustrasies, óf deur die ouer wat die stories voorlees. 'n Unieke konsep in Afrikaans!
6 Maart 09:00 ● Oude Libertas Amfiteater ● 50min ● R30



Lollos
Met Alta Joubert en Minki Burger
Lollos woon op die planeet Lala-land en hy is mal oor lag en speel en dans. Hy laat kinders aktief dans en sing. Voor elke liedjie word die bewegings eers aan die kleinspan geleer en so word hulle sommer vinnig lekker fiks saam met Lollos.
6 Maart 10:00 ● Oude Libertas Amfiteater ● 40min ● R30

Oompie Jandonnerdagvangorrelberg van Staden vertel …
Met André-Jacques van der Merwe
Dié akteur en stemkunstenaar trakteer die hele familie op die kuns van stories voorlees: die woord is die deur tot die verbeelding en die leserstem die sleutel tot 'n magiese wêreld. Hierdie voorlesing van Hans Christian Anderson en die Grimm-broers se immergewilde sprokies sal oud en jonk laat ril en gril en skater!
6 Maart 11:00 ● Oude Libertas Amfiteater ● 40min ● R30

So 'n bek moet jêm kry
Met Stephanie Badenhorst en Marvin Lee Beukes; vervaardig deur Klein Libertas Produksies
Wat lê lekkerder op die tong as 'n Afrikaanse idioom? Vyf stories, 50 minute, 50 idiome! Ons vertel die stories agter die idiome – die ware jakob – of bak ons soms dalk heerlik kluitjies? 'n Idioom per dag laat almal lag!
6 Maart 12:30 ● Oude Libertas Amfiteater ● 45min ● R30

Woord Wipper en die boekeboef
Met Stephanie Hough en Lize-Marie Smalberger;
Geskryf deur Gaerin Hauptfleisch, aangebied deur Stercus Produksies
Moontlik gemaak deur die Woordfees se WOW-projek
Woord Wipper moet tot die redding kom as al die boeke uit die biblioteek verdwyn. Saam met vriendin Elsa vind hy gou-gou uit dat Bibliofilia Heks en haar helper Jasper agter die petalje sit. Opwindende poppekasteater wat al die kykertjies gaande sal maak oor lees en boeke!

6 Maart 10:40 6 Maart 12:00 ● Oude Libertas Amfiteater ● 20min ● Gratis

STUDENTEFEES

'n Visie vir Suid-Afrika: Verwagtings, waardes en aspirasies van jong volwasse leiers
Gefasiliteer deur die Leierskapnetwerk en aangebied in medewerking met die FAK
'n Inter-generasiegesprek tussen ervare en nuwe leiers op die terreine van die politiek, burgerlike samelewing, die openbare, gemeenskaps- en arbeidsektor.

Oggendsessie: Roland Henwood, Christo van der Rheede en prof. Nico Koopman
27 Februarie 09:00 ● Die Blou Kamer, Neelsie ● 180min ● R50

Middagsessie: Rudi Buys en Tony Ehrenreich
27 Februarie 14:00 ● Die Blou Kamer, Neelsie ● 120min ● R50
Die hele dag met middagete ingesluit: R120

Neelsie Geraas Innie Gat, aangebied deur MFM 92.6
Met Die Heuwels Fantasties: Pierre Greeff, Hunter Kennedy en Johnny de Ridder
Aangebied deur Neelsie Studentesentrum & MFM 92.6
Met 'n tradisionele rock-basis gelaai met elektroniese ritmes, ry hierdie baie gewilde en bekende groep op die nuwe golf van die alternatiewe jeugkultuur. Elke man wil deel van die *band* wees en elke meisie wil Leja wees. Sien julle daar! **4 Maart 18:00 ● Neelsie ● 240min ● Gratis**

ATKV Universiteite-debatkompetisie
Moontlik gemaak deur die ATKV, Steinhoff, US Studenteraad en Studentesake
Die land se topsprekers van Matieland, Tukkies, UJ, Kovsies en Pukke tree in debat met mekaar oor 'n verskeidenheid aktuele en sosiale kwessies, in lyn met die Britse Parlementêre styl van redevoering. Kom ondersteun jou gunstelinge in 'n kragmeting van wêreldklas!
Uitdunne: 5 Maart 08:00 – 17:00 ● Neelsie flieks & SR Raadsaal ● Gratis
Semi-finale: 6 Maart 08:00 – 14:00 ● Neelsie flieks & SR Raadsaal ● Gratis
Finaal: 7 Maart 17:00 – 20:00 ● Oude Libertas ● Gratis

Debatfees
Kom klim op jou seepboks en deel jou opinie oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe op hierdie dag van aaneenlopende kritiese gesprek- en redevoering. Woordsport op sy beste! Gefasiliteer deur kenners en gerespekteerde sprekers in hul onderskeie velde, in samewerking met die US Debatvereniging (USDV) en die Studenteraad.
5 Maart 08:00 – 17:00 ● Rooiplein ● Gratis

SR-FEES
Studenteraad - Kontak 0844018975 vir meer besonderhede of besprekings

Ketelprys
Die gesogte jaarlikse Ketelprys-kompetisie word weer vanjaar aangebied in Brazen Head in Andringastraat – hierdie jaar groter en beter as ooit tevore! 'n *Battle van* wêreldbeker-formaat tussen Stellenbosch se beste studente-*bands* en kunstenaars! En 'n geliefde gaskunstenaar kom wys ook gesig ...
26 Februarie 18:00 ● Brazen Head ● 120min ● R40 per inskrywing per *band*, Toeskouers gratis.

SR Kultuuraand
Maties se beste kultuuritems (van al die koshuise en wyke) – een aand, een plek! 'n Aand van diverse items en 'n kultuuritem deur die Studenteraad self! Die beste manier om Stellenbosch se kultuuraktiwiteite van 2010 en hierdie jaar se Woordfees af te skop!
28 Februarie 21:00 ● Neelsie Vrouevereningingsaal ● 120min ● Gratis

30 Seconds!
Hierdie immergewilde speletjie word op groot skaal tussen ongeveer 20 spanne gespeel in die Neelsie. Dis groot sports wanneer 'vreemdelinge' teen mekaar moet speel – en boonop snaaks moet aantrek ook!
2 Maart 17:30 ● Neelsie Gat ● 120min ● Gratis

Hacky Sack
Verskillende koshuise/ PSO-spanne neem deel aan hierdie gewilde sport(s) op die Rooiplein gedurende middagete. Toeskouers welkom – daar is ook heerlike pryse op die spel vir die wenners!
2 Maart 12:00 ● Neelsie Rooiplein ● 120min ● Gratis

Maties Drum Café

Na die enorme gewildheid van vorige jaar bied ons weer hierdie besonderse ervaring vir elke deelnemer, waar jy leer hoe om die unieke ritme van die Afrika-tromme te bemeester. Kom beleef hierdie opwindende kultuurgeleentheid in samesyn met honderde Maties!
3 Maart 18:30 ● Eendrag Manskoshuis binnehof ● 60min ● R30 (by die deur)

Mensverf

Mensverf
Sowat 25 koshuis-, PSO- en Verenigingspanne neem deel aan hierdie kreatiewe verfkompetisie gedurende middagete. Drie spanlede verf die vierde spanlid volgens ’n tema, en die kreatiefste ‘skeppings’ wen pryse!
3 Maart 12:00 ● Neelsie Rooiplein ● 120min ● Gratis

WOORDE OPEN WêRELDE (WOW)-PROJEK

(Ondersteun deur die ATKV, Provincie Antwerpen, Dagbreek- en Hiemstra-Trust)

Die WOW-projek, die US Woordfees se bemagtigingsprojek, bestaan sedert 2003 en het in 2009 meer as 16,800 leerders bereik. Dit open skoliere se oë vir ruimer moontlikhede in ’n groter wêreld, gee hoop en bemagtig hulle deur blootstelling aan kreatiewe programme gerig op die bevordering van lees, letterkunde en die kunste, want lees lê die grondslag vir **alle** skoolvakke. Inligting oor tersiêre studie help leerders se potensiaal ontsluit, ondersteun deur ruim WOW-studiebeurse van die US. Vir meer inligting of deelname: bel Fiona van Kerwel (021-808 3472) of Shireen Crotz (021-808 9106).

WOW-Dag: Drama-onderwysers
Met bekroonde dramaturge, akteurs en regisseurs Hennie van Greunen, Daleen Kruger, Juanita Swanepoel en Denise Newman.
In samewerking met Dirk & Reinet Nagtegaal en Distell Vir die eerste keer by die Woordfees! Die WOW-projek bied ’n werkswinkel aan waar drama-onderwysers se talente en tegnieke geslyp word in die skryf van nuwe tekste, die verwerking van tekste tot drama-produksies, in regie en spelleiding vir akteurs. **27 Februarie 09:00 – 16:00 ● Stellenbosch Lodge ● R150**

WOW-Skoledebatfees
Ondersteun deur LAPA, ATKV en NB-Uitgewers
Nog ’n eerste vir die WOW-projek! 'n Yslike debatfees, met leerders van 32 verskillende skole, skop reeds af op Vrydag 5 Maart met intensiewe opleidingsessies. Na die uitdunne op 6 Maart is die hoogtepunt die finale met *7de laan* se Oubaas en Hilda (Pierre van Pletzen en Annelisa Weiland) van *7de laan* as duiwelsadvokate. Die ATKV studentedebat vorm ook deel van hierdie program.
<u>Opleidingsessies</u>: 5 Maart 11:00 – 18:00 ● Bloemhof Hoër Meisieskool ● toeskouers gratis
<u>Uitdunne</u>: 6 Maart 09:00 ● Bloemhof Hoër Meisieskool ● toeskouers gratis
<u>Finaal</u>: 6 Maart 17:00 – 19:00 ● Bloemhof Hoër Meisieskool ● toeskouers gratis
R100 per leerder


Oubaas en Hilda

WOW-dag vir Graad 12-leerders
Ondersteun deur Shoprite/Checkers
Na ’n sessie oor die US onder leiding van Beverley Fanella en haar studentespan bied skrywers Nanette van Rooyen, Zulpha Otto-Salies, Jan van Tonder en EKM Dido werkswinkels aan oor kreatiewe skryf. Leerders luister na motiveringspraatjies deur Ivor Price van Media24; Elize Fortuin van die ATKV; Rashid Begg, Sosiologie-dosent aan die US, en Natasha Möller, personeelbestuurder van Distell. Daar is ’n musiekuitvoering deur die US Jazz-orkes en Felicia Lesch, asook toneelopvoerings deur WOW-dramakompetisiewenners in Paul Roos Gimnasium. Die bekende digter, dr. Mathews Phosa, praat hier met die leerders, hulle gaan op kampustoere en na die Mardi Gras op die Braak. En raai wie kom vanjaar van *7de Laan* saam met ander sterre*?* Is dit dan nie oom Oubaas en Hilda nie?
6 Maart 08:00 – 14:00 ● Wilcocks-gebou: Lokaal 201 en 323, Opvoedkunde: Lokaal 1028 en 3001
WOW-Dag: Onderwysers

Henry Jeffreys van *Die Burger* gesels met Mathews Phosa, Peter Snyders en Lina Spies oor hul voorgeskrewe gedigte vir Graad 12. Onderwysers kan vrae kom stel. Jerome Slamat, Senior Direkteur US Gemeenskapsinteraksie, bespreek die onderwyser as passievolle praktisyn. Dan volg 'n ligte ete, met prof. Hennie Kotzé, dekaan van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, as gasheer. Onderwysers sluit hierna by leerders aan by Paul Roos Gimnasium.
6 Maart 10:00 ● Neelsie: Vrouevereinigingsaal ● 120 min ● Gratis. Ligte versnaperinge word bedien.

WOW-Skoolkoerantprojek
In samewerking met die US Departement Joernalistiek
'n Voldagprogram met werksessies vir ongeveer 70 leerders en hul onderwysers oor verskillende aspekte van die joernalistiek en hoe om 'n skoolkoerant interessant en prakties aan te pak. Oor die middaguur verken leerders die feesterrein, voer kort onderhoude met van die feesgangers en kunstenaars, en stel dan hul eie feesblad saam.
6 Maart 09:00 – 15:00 ● Neelsie: Sanlamsaal ● Gratis

WOW-Dag: Visuele Kuns-leerders
In samewerking met die departement Visuele Kuns
Die WOW-projek bied vir die heel eerste keer 'n werkswinkel in juweliersontwerp aan, spesiaal vir Graad 12-leerders van die WKOD-fokusskole. Hierdie leerders maak hul eie koper-juwele onder leiding van die bekwame Verna Jooste en haar span, en ontvang ook inligting en leiding oor verdere studie in dié departement.
6 Maart 10:00 – 13:00 ● Dept. Visuele Kuns ● Gratis

Spesiaal vir die juniors!

Woelige werkswinkels
(In samewerking met die US Departement Drama)
Na die sukses van ons eerste Woelige Werkswinkel kom sowat 50 leerders van omliggende laerskole weer na dié werkswinkels vol verrassings! In een werkswinkel leer jongmense gedigte skryf; en in die ander leer hulle hoe om woordkuns voor te dra en hoe om te komponeer. Kom oefen jou talente en kry wenke. Wie weet, dalk is jy nog die volgende David Kramer!
6 Maart 10:00 – 13:00 ● US Drama-departement ● Gratis, maar besprekings vooraf noodsaaklik

WOW-Sokkertoernooi
(Ten bate van ons gemeenskap)
In samewerking met *Stars in their eyes* bied ons 'n ses-'n-kant sokkertoernooi aan vir die omliggende laerskole en sokkerklubs. Supersport kom loer in met hul *Let's Play*-kameras en gee aan elke deelnemer 'n bal. Wenners ontvang 'n wisseltrofee en pryse van Banjana-sokkerster Desiree Ellis en sokkersterre van Santos en Ajax.
6 Maart ● 10.00 – 13h00 ● Van Der Stel Sportveld ● 180min ● Gratis

Spesiaal vir ons gemeenskap!

Langarm Snack Dans
(Ten bate van ons gemeenskap)
Oud en jonk kan maar weer hulle dansskoene uithaal en by die Woordfees kom afstof. Kom vier die langarm-tradisie saam met ons. Musiek deur die Naturals.
26 Februarie ● 19:30 ● A.F. Louw Skoolsaal● 240min ● R50 (ligte verversings ingesluit)

Die US Woordfees beveel die volgende gastehuise op Stellenbosch aan vir besoekers en feeskunstenaars:

Paradyskloof Guesthouse, 021-880 2538; kabouterbos@wam.co.za
Yellow Lodge, 021-887 9600; yellodge@alternet.co.za
Stellenbosch Hotel, 021-887 3644; reservations@stellenboschhotel.co.za
Rivierbos Guest House, 021-887 2412; info@rivierbos.co.za
Coopmanhuijs Boutique Hotel & Spa, 021-689 4020
Wild Mushroom, 021-881 3586; info@wildmushroom.co.za
Eves Place B&B, 021-880 1078, evesplacebnb@hotmail.com
Rosenview, 021-855 3613; info@rosenview.com
Aan Dorpstraat, 021-886 4331; AanDorpstraat@papegaai.co.za
Knorhoek, 021-886 4331; guesthouse@knorhoek.co.za
Just Joey Gastehuis, 021-887 1799; daantjiee@telkomsa.net
Cultivar Gastehuis, 082 876 0769; izakstrauss@gmail.com
Eendracht Boutique Hotel, 021-883 8843; info@eendracht-hotel.com
Protea Hotel Dorpshuis, 021-883 9881; reservations@dorpshuis.co.za
Protea Hotel Techno Park, 021-880 9500; info@phstellenbosch.com
Oak Village B&B, 021-887 7889; oakvillage@volkskombuis.co.za
Stellenbosch Lodge: 021-888 0100; reservations@stblodge.co.za

Hartlike dank aan ons donateurs & vennote:

Hoofdonateurs
Universiteit Stellenbosch
Die Burger (Media24)
Sanlam (Dramafees & Kabaret)
ATKV
Nasionale Lotery

Senior donateurs
US Fakulteit Lettere
Naspers
Provincie Antwerpen
Het Jan Marais Nationale Fonds
Nederlandse Taalunie
Kaapse Forum vir Neerlandistiek
Dagbreek Trust
LW Hiemstra Trust
NB-Uitgewers
Distell
Vlaams SA Kultuurstigting
Van Ewijck-Stigting
Rupert-Musiekstigting
Protea Boekhuis

Donateurs
Dirk Hertzog
LAPA Uitgewers
Fonds Neerlandistiek SA
Munisipaliteit Stellenbosch

Produksievennote
Afrikaanse skrywersvereniging
Aan de Braak Teater
ABSA KKNK
Breytenbach Sentrum
SA Akademie: Wetenskap en Kuns
Joho! Produksies
Klein Libertas Teater
Dokumentesentrum: US Bib
LAPA Uitgewers
Lux Verbi
Neelsie Studentesentrum
ProQuest
Dagbreek Trust
SA sentrum: Nederland & Vlaandere
iArt
Aardklop
National Arts Council
US Navorsingsvereniging
Stellenbosch Museum
Stellenbosch Stigting
Woordpoort
SuperSport
Protea Boekwinkel, Stellenbosch
Umuzi
US Bemarking en Kommunikasie
Oude Libertas Amfiteater
LitNet
Let's Play

Venueborge
Stellenbosch Lodge
kykNET
Oude Libertas
Stellenrust
Universiteit Stellenbosch
De Vette Mossel Restaurant
Koowee
Stellenbosch Lodge

Produkborge
Checkers
Die Burger
Sanlam
Wimpy
Creative Gear
Elite Marquees
AnyTime – AnyWhere: Aircon

Drankborge
Alto Wine
Amarula
Bain's Cape Mountain Whisky
Beyerskloof
Blaauwklippen
Black Bottle Scotch Whisky
Delheim
Drostdy-Hof
Kaapzicht
Mooiplaas
Muratie
Overgauw
Stellenrust
Three Ships

Mediavennote
Die Burger
Die Matie
Son
Distrikpos
Eikestadnuus
FMR
Kampusnuus
LitNet
Media 24
MFM
Radio Helderberg
RSG
Sarie
SiConsulting

Koördineerders
Sanlam Dramafees: Saartjie Botha
Kuns: Amanda Botha
Kunsroete: Theo Kleynhans
Klassieke & Ligte Musiek: Leonore Bredekamp
Beyerskloof Musiek-marathon: Bertie Coetzee
Sanlam nagKAT: Niël Rademan
Diskoers: Cornelia Faasen
Mardi Grass: Eric Arnolds
Nederlandse program: Natasja Schellaars
Tegnies: Pieter-Jan Kapp
ATKV Skoledebatkompetisie: Marietha Nell
ATKV Studentedebatkompetisie: Wynand Spruyt
Program & Plakkaatuitleg: Christa van Zyl
Plakkaat-illustrasie: Piet Grobler